# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2023

AfriForum Tydskrif




ISSN 2313-1144
9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# Ooorweeg jy nauurse afstandstudie?



Só sê ŉ Akademia-alumnus ...

*"My werk en studie was altyd belyn en die studie was daarom nog meer interessant en altyd relevant. Die nauurse afstandsmodel van Akademia is puik saamgestel."*

– John Fred de Koker, Akademia-alumnus in BCom (Bestuursrekeningkunde)

VIND MEER UIT
TYDENS 'N **INLIGTINGSESSIE**

Skandeer die QR-kode vir meer inligting

**STUDIEAANSOEKE VIR 2024 OPEN 3 APRIL**

www.akademia.ac.za

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur @AletRademeyer

Ek het onlangs weer na die video *Die 1914 Rebellie en Bart Nel* gekyk. Hoe aangrypend is die verhaal nie vandag nog van 'n boer wie se onblusbare gees hom in staat gestel het om die verwoesting en verlies van sy plaas ná die oorlog en die verlating deur sy vrou en familie te verwerk nie?

Bart rebelleer teen die "verkeerde". Hy staan op teen die besluit van die Louis Botha-regering om burgers op te roep om Duits-Suidwes-Afrika binne te val nadat Groot Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar het. Baie van die burgers het nie kans gesien om aan die kant van die Geallieerdes te veg nie. Die verdrukking onder die Britte en die lyding tydens die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) was immers nog in baie se geheue vasgebrand.

Bart verklaar: "As ek nie hierteen rebelleer nie, dan wil ek nie meer my naam hê nie. Dan wil ek nie Bart Nel wees nie ..."

Ja, ek dink dit is hoe baie Afrikaners en ander landsburgers vandag oor die ANC-regering voel en die chaos en duisternis waarin hulle die land gedompel het ...

Die Rebelle het bitter swaar gekry. Bart sê in 'n stadium dat die manne maar moet huis toe gaan: "Sê vir hulle dis verby ..."

Hy bring vyf jaar in die gevangenis deur. Maar deur dit alles bly hy staande en bly hy die hardkoppige, eiesinnige realis en doener. Hy bly sterk in sy oortuigings en leef dit uit. Daarom ag, respekteer en bewonder só baie mense hom.

Dit is ook Bart wat as 'n vry man verklaar: "Ons gees van vryheid en onafhanklikheid is nie dood nie ..."

Bart begin van voor af om 'n plaas op te bou. Hoeveel van ons voorouers moes nie telkens weer oor begin nie? Weliswaar is Bart alleen, maar onverskrokke verklaar hy: "My kry hulle nooit nie. Ek is Bart Nel van toe af en ek is nog hy."

Byna 110 jaar later sien ek elke dag baie Bart Nelle in aksie. Baie van hulle woeker as vrywilligers in AfriForum se takke en buurtwagte en ons is trots op wat hulle vermag. Ander Bart Nelle werk agter die skerms en bou aan Afrikaner-instellings wat ons mense hoop, vooruitsigte en 'n toekomsvisie bied.

Die werklikheid vandag is dat ons soos Bart Nel in "opstand" teen die swak regering en geen dienslewering gekom het. Nie "opstand" in die ware sin van die woord nie. Nee, ons mense se uitgangspunt is net dat dit nie help om vir die ANC te wag nie én dat ons nie hul toestemming nodig het om dinge vir onsself te maak werk nie.

Ons gebruik grondwetlike ruimtes en wetgewing tot ons beskikking om staatsverval te keer en 'n nuwe werklikheid op die grond neer te sit. Natuurlik is ons nie naïef om te dink ons kan die hele land red nie, want ons het nie die staat se inkomste om dit te doen nie.

Daarom berus die Solidariteit Beweging se federale plan op sewe bene wat ontwikkel en uitgebou moet word om by groter selfstandigheid, outonomie en vryheid uit te kom. Dit is die bou van eie instellings, die versterking van ankergemeenskappe, Pretoria as kulturele kanton en die ontwikkeling van Orania van dorp tot stad. Groeiende outonomie vir die Wes-Kaap en groter samewerking met Afrikaners in die buiteland en ander kulturele gemeenskappe in die land is ook belangrik.

Maar, soos Flip Buys sê: Die sukses van dié plan sal egter deur Afrikaners se eie doelgerigtheid en energie bepaal word. Die spoed waarteen outonomie op talle vlakke gebou word, sal deur Afrikaners se ondersteuning en samewerking en saambou bepaal word.



> **Ons gebruik grondwetlike ruimtes en wetgewing tot ons beskikking om staatsverval te keer en 'n nuwe werklikheid op die grond neer te sit.**

Daarom is die oproep in hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* weer: Raak betrokke. Die verwagting is nie dat almal van ons met al die planne moet saamstem nie. Daarom is die Beweging se benadering een van "volksveelheid" waar jy kan help met dit waarmee jy saamstem sonder om dit waarvan jy nie hou nie teen te staan. As die opvoeding van ons volk se kinders jou na aan die hart lê, dra dan by om die nuwe Akademia-kampus te bou waarvoor R2 miljard nodig is! As 'n skoner omgewing jou gemoed beter maak, help dan in jou dorp om 'n tuinspan te ondersteun of self bome te plant en gras te sny. Daar is so baie Afrikaners met kundigheid, vaardighede, talente, idees en natuurlik 'n roeping! Nou is jou geleentheid om op te staan en 'n bydrae te lewer om jou gemeenskap sterker te maak.

**Deut. 15:10**

Jy moet aan hom gewillig gee en jou hart moenie bedroef wees as jy aan hom gee nie; want ter wille hiervan sal die Here jou God jou seën in al jou werk en in alles waar jy jou hand aan slaan.

MENGSEL Papier van verantwoordelike bronne FSC® C022948 FSC www.fsc.org

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om voortaan slegs papier te gebruik wat plaaslik en op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

# Binnekant

Forum Tydskrif | Maart | Uitgawe 29


9


12


16


20

**22** Federalisme in Centurion
**26** Federale kultuurnetwerke
**30** Takke
**34** Forum Sekuriteit
**36** Privaatvervolgingseenheid
**38** Hofsake
**40** Bela-verhore
**42** Plaasmoordverslag
**44** Slagoffers van plaasaanvalle
**46** Jeug
**49** Tinteltong Toekennings
**50** AfriForumTV
**52** AfriForum Teater word 2
**54** *Die Kaplyn*

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

## DIE SPAN

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Dr. Ernst Roets
Ernst van Zyl
Sue-Ann de Wet
Alana Bailey
Barend Uys
Louis Krouwkamp
Dr. Christo Swart

Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* is digitaal per WhatsApp aan lede gestuur.
Dit kan ook aanlyn gelees word by **www.forumtydskrif@afriforum.co.za**.
Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** vir enige terugvoer.

AfriForum

Forum Tydskrif het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za

# 50% AFSLAG-AANBOD

Aanbod geldig tot 30 April 2023



"Kom deel in die opwindende diskoers in *Beeld*. En wees weer ingelig."

~ **Barnard Beukman, BEELD**

**Maandag tot Saterdag afgelewer by jou huis teen R224,24 per maand.**

**Beeld**







**DIE BURGER**

"Lees *Die Burger* en praat ingelig saam – in jóú taal."

~ **Willem Jordaan, DIE BURGER**

**Maandag tot Saterdag afgelewer by jou huis teen R198,24 per maand.**





**Rapport**

"*Rapport* se beriggewing dwing verantwoordbaarheid af, dit bemagtig en vermaak – alles in een lekkerlees-pakket in Afrikaans."

~ **Inge Kühne, RAPPORT**

**Afgelewer by jou huis teen R76,91 per maand.**




## TEKEN SO IN

Skakel: 087 353 1300 | WhatsApp: 087 353 1333

E-pos: intekenare@media24.com | SMS: "AFRI" na 31069

**BEPALINGS EN VOORWAARDES:**

'n SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word. Afslagaanbod is bereken op 'n basisrakpryskoste. Aanbod geldig vir nuwe intekeninge op die gedrukte koerant per maandelikse debietorder. Aanbod geldig tot 30 April 2023. Intekenare-aanbod nie geldig vir die Vrystaat nie.

# GEMEENSKAPS-FEDERALISME ontsluit gemeenskapskrag

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

Gemeenskapsfederalisme vorm die basis waarop AfriForum en die Solidariteit Beweging se federale toekomsplanne gebou is. Dit beteken dat dié planne nie in die eerste plek afhanklik is van die instemming van die ANC-regering om magte na gemeenskappe af te wentel nie, maar eerder gebou word rondom die vermoë van gemeenskappe om self deur die vestiging van gemeenskapsinstellings beheer oor hulle eie toekoms te kan neem. Federalisme veronderstel verskillende vlakke van besluitneming, terwyl gemeenskapsfederalisme spesifiek besluitnemingsmag vir gemeenskappe toeëien deur 'n selfdoenbenadering.

Die ANC-regering, wat ideologies sterk tot die huidige mislukkende sentralistiese bedeling verbind is, sal natuurlik nie wil instem tot gemeenskapsfederalisme nie, maar gelukkig hoef ons hulle nie te vra nie. Ons gemeenskappe kan vreedsaam doodeenvoudig begin om hulle eie gemeenskapskrag te ontsluit deur op vele terreine deur gemeenskapsinstellings hulle toekoms in hulle eie hande te neem. Namate die staat verder verswak, sal verdere geleenthede hulle voordoen vir gemeenskappe om self in te tree, soos wat reeds op vele terreine gebeur. Die voorblad van hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* illustreer goed dat gemeenskappe hulle rug op onwerkbare sentralisme kan keer en liewers die pad van gemeenskapsfederalisme kan stap.

## ANKERGEMEENSKAPPE

Ankergemeenskappe vorm 'n kernbeen van AfriForum en die Solidariteit Beweging se sewebeenplan vir gemeenskapsfederalisme wat in 'n vorige uitgawe van die tydskrif bekendgestel is. Met ankergemeenskappe word bedoel gemeenskappe waar daar getalsgewys genoeg Afrikaners gekonsentreer is om die volhoubare bestaan van kulturele infrastruktuur soos skole, aftreeoorde, buurtwagte, teaters, tersiêre onderriginstellings ensovoorts te verseker. Om byvoorbeeld 'n sterk Afrikaanse skool te bou in 'n gemeenskap met bitter min Afrikaanse kinders, is ongelukkig onvolhoubaar, al sou 'n mens dit ook hoe graag in die lang termyn wou laat werk.

Gemeenskappe met groot getalle Afrikaners word ankergemeenskappe genoem omdat hierdie streeksentra as anker kan dien waar Afrikaners wat nie in ankergemeenskappe woon nie, steeds toegang tot goeie streekskole vir hulle kinders en ander kulturele infrastruktuur sal kan verseker.

## GEMEENSKAPSFORUMS

AfriForum en die ander instellings van die Solidariteit Beweging het reeds suksesvol begin bou aan talle gemeenskapsinstellings. Dit is net so belangrik dat die inherente energie en krag van gemeenskappe wat wyer as AfriForum strek, ten volle ontsluit moet word. Om hierdie rede is AfriForum tans betrokke by 'n loodsprojek om 'n gemeenskapsforum in Centurion-Wes tot stand te bring waarop 'n wye verskeidenheid gemeenskapsinstellings – wat skole en kerke insluit – kan dien. Dié gemeenskapsforum is 'n neutrale platform waar gemeenskapsinstellings saam kan beplan en hulle aktiwiteite kan optimaliseer deur saam te werk sonder om hulle onafhanklikheid te verloor. Die idee is nie dat 'n gemeenskapsforum sy eie uitvoerende vermoë ontwikkel nie, maar dat dit eerder deur koördinering moet meewerk om bestaande instellings in die gemeenskap se werksaamhede te versterk. Daar is 16 terreine, waaronder veiligheid, maatskaplik,




Kallie Kriel

gemeenskapsekonomie en kragvoorsiening, geïdentifiseer. Vir elke terrein is daar voorgestelde planne oor hoe gemeenskapsinstellings mekaar en hulle gemeenskap kan versterk. Sodra die loodsprojek in Centurion-Wes verfyn is tot 'n werkbare bloudruk, sal 'n proses begin word om gemeenskapsforums ook in ander ankergemeenskappe te vestig.

### AFRIFORUM-TAKKE EN -BUURTWAGTE

AfriForum se meer as 160 takke en 165 buurtwagte landwyd wys reeds hoe gemeenskapskrag ontsluit kan word deur goed georganiseerde gemeenskapsinstellings. Leemtes wat deur die mislukkende staat geskep word, word op kreatiewe wyses deur die gemeenskap gevul.

Gemeenskappe neem binne die raamwerk van die wet verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheid deur buurtwagte te vestig. AfriForum se opleidingsprogramme en logistieke ondersteuning, tesame met inherente krag en harde werk van gemeenskappe, bring mee dat dié organisasie se buurtwagte 'n toonbeeld van gemeenskapsfederalisme is. Gemeenskappe neem suksesvol beheer van hulle eie veiligheid. Op dieselfde wyse is daar landwyd gemeenskappe wat deur hulle AfriForum-takke paaie herstel, gras sny, skoonmaakaksies loods en op vele ander wyses hulle gemeenskappe 'n beter plek maak om te bly.

### PIONIER DIENSTEMAATSKAPPY

AfriForum het reeds begin voorberei om dienste te kan lewer wat vandag nog deur die staat beheer word, maar in die toekoms noodgedwonge weens staatsverval deur privaat instellings gelewer sal moet word, soos wat tans besig is om met elektrisiteitsvoorsiening te gebeur. Vir hierdie doel het AfriForum 'n maatskappy sonder winsoogmerk genaamd Pionier Dienstemaatskappy tot stand gebring. In samewerking met van AfriForum se takke is Pionier reeds besig om op beperkte skaal vullisverwydering en herwinning te hanteer. Pionier het ook vyf maande lank die Koster-waterwerke bestuur toe die hof aan die gemeenskap die reg gegee het om dit vir 'n beperkte tyd te bestuur. Onder die gemeenskap en Pionier se betrokkenheid het watertoevoer in Koster glad verloop in die tyd toe hulle die netwerk bestuur het.

### SOLIDARITEIT BEWEGING

Die ander instellings van die Solidariteit Beweging het ook reeds groot vordering op die pad na gemeenskapsfederalisme gemaak. Daar is 'n hele rits voorbeelde hiervan.

Die tersiêre onderriginstellings Sol-Tech en Akademia, wat deur Solidariteit tot stand gebring is, se studentegetalle groei jaarliks sterk en duisende studente het al die vrugte van hierdie instellings begin pluk. Sol-Tech se nuwe kampus, personeel en leerplanne stel 'n nuwe standaard vir wêreldklasambagsopleiding in Afrikaans. Akademia se drie tussentydse kampusse floreer in die aanloop tot die bou van 'n nuwe hoofkampus oor die volgende vyf jaar.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) werk ook tans hard aan die ontwikkeling van 'n bekostigbare privaatskoolmodel, terwyl daar net so hard binne die Beweging gewerk word om bestaande Afrikaanse openbare skole te help beskerm teen die aanslag op onderrig in Afrikaans. Terwyl owerhede en selfs groot maatskappye by die toekenning van studiehulp diskrimineer teen jongmense vanuit minderheidsgemeenskappe, het Solidariteit Helpende Hand reeds 'n goed funksionerende studiehulpsentrum wat jaarliks meer as R50 miljoen se studiehulp aan studente toeken.

Op mediagebied het die Solidariteit Beweging Maroela Media tot stand gebring, wat tans die mees gelese Afrikaanse mediaplatform in die wêreld is. Ook AfriForumTV se kykergetalle groei fluks. Albei hierdie instellings is gemeenskapsgerig en word gratis aan die publiek beskikbaar gestel. Op erfenisterrein is daar talle voorbeelde landwyd waar gemeenskappe self verantwoordelikheid neem. Die grootste projek in hierdie verband is waar die FAK, AfriForum,

> **"AfriForum se opleidingsprogramme en logistieke ondersteuning, tesame met inherente krag en harde werk van gemeenskappe, bring mee dat dié organisasie se buurtwagte 'n toonbeeld van gemeenskapsfederalisme is.**

Helpende Hand, Solidariteit en 'n aantal ander kultuurorganisasies self verantwoordelikheid neem om die Voortrekkermonument te bestuur. Die feit dat geen staatsubsidie ontvang word nie is 'n bedekte seën, aangesien dit aan Afrikaners volle beheer oor hulle erfenis gee en wys dat gemeenskapsfederalisme kan werk. Ook AfriForum Teater is 'n voorbeeld van gemeenskapsfederalisme, waar ons die toekoms van ons kunste in ons eie hande neem.

### AFRIFORUM ENERGIE

'n Nuwe terrein wat AfriForum betree het is om werkbare planne te ontwikkel sodat gemeenskappe self beheer oor hulle elektrisiteitsvoorsiening kan neem. Daar is reeds werk gedoen om 'n riglyndokument vir sonkrag by huise bekend te stel. Regsaksies word tans beplan om dit makliker te maak vir privaat elektrisiteitsverskaffers om deel van die oplossing te word, terwyl 'n bloudruk opgestel word aan die hand van die model wat tans in Frankfort in die Vrystaat toegepas word, waar die munisipaliteit die bestuur van die elektrisiteitsnetwerk uitgekontrakteer het. Hierdie model bied aan gemeenskappe geleenthede om letterlik en figuurlik gesproke gemeenskapskrag te ontsluit.

Kom ons bou almal saam aan gemeenskapsfederalisme, want dit het reeds begin en kan nou verder versnel om self die hede en toekoms te bou wat ons vir ons gemeenskappe en ons nageslag wil hê.

# Sterker gemeenskappe nodig op pad na *vryheid en outonomie*

Deur Alet Rademeyer

Tydens 'n onlangse leiersberaad sê Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, die ou Suid-Afrika, 1994 én die nuwe Suid-Afrika is verby. Dit is tyd om aan 'n ander Suidelike Afrika te bou.

Dit is onafwendbaar dat die staat al hoe vinniger misluk en dat die sentralistiese ANC-regering al hoe minder in staat is om behoorlik te regeer. Daarmee saam is die realiteit dat Suid-Afrika geografies en demografies onregeerbaar is. Die bevolkingswerklikhede vereis 'n komplekse federale model terwyl die ANC verbete aan mag en sentrale beheer bly vasklou.

Dit is binne hierdie realiteit dat die Solidariteit Beweging sy federale plan opgestel het wat ten doel het om te verseker dat Afrikaners as minderheid vinniger vrye ruimtes én tuistes bou om hier te kan bly! Natuurlik ook op die beginsel van vreedsame naasbestaan met ander gemeenskappe in die land.

Die plan bestaan uit sewe bene wat reeds by geleentheid in hierdie tydskrif bespreek is. Ter wille van duidelikheid verwys ons kortliks weer daarna:

- **Die bou van gemeenskapsinstellings**
- **Die uitbou en versterking van ankergemeenskappe**
- **Pretoria as kulturele kanton**
- **Groeiende outonomie vir die Wes-Kaap**
- **Orania: Van dorp tot stad**
- **'n Netwerk van kultuur- en ander gemeenskappe**
- **Internasionale netwerke**

AfriForum fokus tans veral op gemeenskapsfederalisme waar die bou van instellings en die versterking van ankergemeenskappe baie aandag kry.

Om gemeenskappe sterker te maak moet instellings wat wyer as AfriForum strek egter ook betrek word ten einde almal se volle energie en krag te ontsluit. Op praktiese vlak is 'n loodsprojek aan die gang om 'n gemeenskapsforum in Centurion-Wes te stig. Op dié forum dien 'n verskeidenheid instellings wat skole, kerke, sakelui, ondernemings en ander gemeenskapsorganisasies verteenwoordig. Die idee van 'n gemeenskapsforum is nie om eie vermoë te ontwikkel nie, maar om groter samewerking en koördinering tussen bestaande instellings teweeg te bring sodat gemeenskappe daardeur sterker kan wees. Sodra die loodsprojek tot 'n ware bloudruk verfyn is, sal dit ook in ander ankergemeenskappe gevestig word.

## Waarom die fokus op gemeenskapsinstellings en die versterking van gemeenskappe?

Vir Afrikaners om as gemeenskap in die toekoms te oorleef en te kan voortbestaan, is 'n gesonde kulturele ekosisteem nodig.


Die voorwaarde vir voortbestaan is dat Afrikaners moet konsentreer en kulturele vryheid moet hê. Dit vind beslag in skole, kolleges, buurtwagte, universiteite, maatskaplike dienste, burgerregte, werksnetwerke, behoorlike munisipale dienste en die media.

Terwyl daar reeds groot vordering in terme van "eie instellings" gemaak is soos met AfriForum se buurtwagte, Sol-Tech, Akademia, AfriForumTV, AfriForum Teater, Helpende Hand, die SOS Wolkskool en baie ander, word nie nagelaat nie om waar moontlik steeds met ander instellings saam te werk soos Afrikaanse openbare skole, ouetehuise, privaat sekuriteitsmaatskappye en ander privaat instellings.

Buys het onlangs gesê die federale plan word nie "teen" die staat, regering of grondwetlike bedeling opgestel nie. Groter gemeenskapsfederalisme is noodsaaklik in die lig van die voortgaande staatsverval. Dit is 'n wettige en oorwoë plan en daar bestaan grondwetlike ruimtes wat daarvoor benut kan word.

En soos Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, gereeld sê: "Ons gaan nie die ANC se toestemming vra om te doen wat ons doen nie, want hulle gaan dit in elke geval nie gee nie. Ons bou self om later die erkenning te kry."






# Dokumentêre fokus op selfbestuur en vissersgemeenskap se stryd

Deur Carina Bester

AfriForum en die Kaapse Forum het vroeg vanjaar twee splinternuwe dokumentêre bekendgestel.

*Selfbestuur: Staatsbestande oplossings vir die toekoms,* AfriForum se dokumentêre film, handel oor selfbestuur en die Solidariteit Beweging se toekomsplan gebaseer op die beginsel van gemeenskapsfederalisme. In dié dokumentêr word idees van staatsbestandheid en selfdoen ondersoek en met praktiese voorbeelde gedemonstreer. Dit bespreek AfriForum se inisiatief vir ankergemeenskappe, internasionale voorbeelde van federalisme in aksie, provinsiale outonomie, groeiende outonomie vir die Wes-Kaap, Orania, Pretoria as kulturele kanton en vele meer.

Flip Buys, Kallie Kriel, prof. Danie Goosen, Robert Duigan, Heindrich Wyngaard, dr. Ernst Roets, Helen Zille, Martin van Staden, Russell Lamberti, Joost Strydom, Carel Boshoff, dr. Luis Durnwalder, dr. Christoph von Ach, Carlo Vettori en Marc Röggla is sprekers in die dokumentêr.

Volgens Ernst van Zyl, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum en regisseur van dié dokumentêr, moet Afrikaners die moed bymekaar skraap om hul toekoms en lot in hul eie hande te neem. "Ons kom vanuit 'n erfenis van pioniers, ons pad is staatsbestand en ons is op pad na vryheid. Met die dokumentêr poog ons om die gesprek rondom gemeenskapsfederalisme te versnel."

Die dokumentêr het onderskrifte vir Engelse kykers en kan op AfriForum se YouTube-kanaal of op AfriForumTV gekyk word.




Voorblad van *Tussen die duiwel en die diep, blou see.*

Die Kaapse Forum het in Maart dié organisasie se dokumentêr *Tussen die duiwel en die diep, blou see* in St. Helenabaai aan die Weskus bekendgestel. Dié dokumentêr vertel die storie van die vissersgemeenskap se stryd om oorlewing. Mense wat eens op 'n tyd goed gedoen het en vandag niks oor het om van te leef nie, mense wie se kinders nie meer skool toe kan gaan nie, geliefdes wat afgesterf het en mense wat van al hul waardigheid gestroop word.

Die mense wat in die dokumentêr verskyn is onderworpe aan politiek, regstellende aksie en jaloesie. Die vissersgemeenskap is afhanklik van die Fishing rights allocation process (Frap) wat deur die staat geïmplementeer word sonder om die werklikheid van gemeenskappe in ag te neem. Hierdie mense is al vir meer as vyf geslagte in die visvangbedryf werksaam en word nou op grond van hul velkleur ontken en aan hul eie lot oorgelaat; hulle is mense wat 'n bestaan moet maak met slegs R6 000 'n jaar.

Heindrich Wyngaard, uitvoerende voorsitter van Kaapse Forum, het tydens die bekendstelling vertel hoe hulle as kinders langs die see grootgeword het en die see die bekoring ingehou het van lewe en toekoms, terwyl dit vandag net 'n diep, donkerblou poel water sonder lewe en die bekoring van 'n opwindende toekoms is.

Kyk *Tussen die duiwel en die diep, blou see* op die Kaapse Forum se YouTube-kanaal of op AfriForumTV.



Ernst van Zyl

# Vryheid vereis ysere *vasberadenheid*

Ernst van Zyl

Ons leef in onstuimige dog interessante tye. Die eise van ons dag verg kreatiewe, vernuwende en baanbrekersdenke, wat stewig in beproefde waardes uit ons verlede gewortel is. Hoe sterker die stormwinde word wat om ons woed, hoe beter moet ons tenttoue en hoe stewiger moet ons tentpenne geanker wees. Ons fokus hoef nie uitsluitlik op ons eindbestemming gevestig te wees nie, want daardie droom is ons dalk nie in ons leeftyd beskore nie. Ons moet koers hou, met ons oë op die pad voor ons gerig. Soos Joost Strydom gereeld sê: "Die enigste ding naastens so soet soos vryheid, is die stryd vir vryheid."

Totale eensgesindheid tussen alle vryheidstryders is 'n onbereikbare hersenskim. Soos met die Groot Trek en die Boereoorlog gaan daar verskillende leiers, idees, modelle en visies na vore kom. Die geskiedenis van die Afrikaner se vryheidsbewegings bestaan uit baie meer idees wat misluk het as uit suksesse, maar dit is juis die harde lesse wat uit daardie mislukkings geleer word wat die fondasies van die daaropvolgende suksesse vorm. Die geskiedenis het ons geleer dat die prys van 'n suksesvolle vryheidstryd altyd die volgende drie noodsaaklike bestanddele insluit: vasberadenheid, geduld en weldeurdagte planne. Ons moet dit wat Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, onlangs uitgewys het ook heeltyd in gedagte hou: "As mense nie iets kan doen aan diegene wat die probleem veroorsaak het nie, beveg hulle diegene wat die probleem probeer oplos."

> **"Die geskiedenis het ons geleer dat die prys van 'n suksesvolle vryheidstryd altyd die volgende drie noodsaaklike bestanddele insluit: vasberadenheid, geduld en weldeurdagte planne.**

Die Solidariteit Beweging se weldeurdagte plan wat klaar die praktiese uitvoerbaarheid daarvan bewys het, is gemeenskapsfederalisme. Hierdie begrip verwys



**“ Ons generasie moet dringend tot die besef kom dat ons doen en late, per slot van sake, ook ons nalatenskap en die impak van ons hoofstuk op die verdere verloop van ons geskiedenis gaan bepaal.**

na die praktiese toepassing van die federale beginsel op gemeenskapsvlak op die volgende manier: In ’n sosiale orde, soos byvoorbeeld ’n gemeenskap of nasie, moet bestuursverantwoordelikhede eerstens toegestaan word aan die laagste moontlike sosiale eenheid of assosiasie wat dit kan hanteer.

Slegs wanneer daardie eenheid nie in staat is om daardie verantwoordelikheid na te kom nie, behoort dit deur ’n sosiale eenheid op ’n hoër vlak oorgeneem te word. Indien ’n dorp of ’n streek byvoorbeeld sy eie krag kan opwek, moet hulle nie gedwing word om afhanklik te wees van ’n ondoeltreffende staatsmonopolie soos Eskom nie. Gemeenskapsfederalisme stel dus voor dat die grootste moontlike outonomiteit en magte aan die kleinste moontlike gemeenskapstruktuur verleen moet word. Dit sal doeltreffendheid en verantwoordbaarheid bevorder en gemeenskappe weerbaar teen staatsverval maak.

Geen vryheidsplan kan egter suksesvol wees sonder vasberade, gemotiveerde en doelgerigte mense wat bereid is om dit toe te pas nie. Helder, beginselvaste denke moet tot weldeurdagte planne lei, wat gevolg moet word deur daadwerklike aksie. Ons moet diegene wat aan ’n toekoms vir ons nageslagte bou met ’n fondasie van weldeurdagte idees en beproefde waardes ondersteun en saam met hulle skouer aan die wiel sit. Vryheid is baie mense se droom maar dit is beslis nie slegs een mens of selfs net ’n paar dapper mense se taak nie.

Daar heers ongetwyfeld omvangryke onregverdigheid in ons geslag Afrikaners se lewensomstandighede, maar kon ons voorouers nie ook maar presies dieselfde gesê het nie? Hoe vergelyk die opofferings wat ons vryheidstryd vandag van ons vereis met die opofferings wat deur ons voorouers van die Boereoorlog of die Franse Hugenote of die Voortrekkers gemaak is? ’n Dosis nugter perspektief op die Afrikaner se geskiedenis, wat as een groot vryheidstryd opgesom kan word, kan baie help om die regte kanniedood-oorlewingsingesteldheid weer by ons aan te wakker.

C.J. Langenhoven het hieroor die volgende te sê gehad: “Van die paaie wat ek gister gekom het, dink ek vandag met die meeste genot aan die swaar opdraande wat ek uitgesukkel het, en met die minste genot aan die maklike afdraande wat ek afgerol het.” By AfriForum het ons geen twyfel dat ons vanuit ’n historiese perspektief na ons volk se hedendaagse uitdagings moet kyk nie. Miskien is ons struikelblokke ’n reeks toetse wat ons moet slaag om te bepaal of ons kultuur nog ’n bestaansreg verdien, sodat ons met trots ons voorouers se kultuurfakkel mag voortdra voordat ons dit vir ons nageslag aangee. Ons generasie moet dringend tot die besef kom dat ons doen en late, per slot van sake, ook ons nalatenskap en die impak van ons hoofstuk op die verdere verloop van ons geskiedenis gaan bepaal. Ons moet doen wat ons moet met wat ons het, want ons gaan nie ’n tweede kans kry nie.

Om meer te wete te kom oor die Solidariteit Beweging se toekomsplan gebaseer op gemeenskapsfederalisme, kyk gerus na AfriForum se jongste dokumentêre film *Selfbestuur: Staatsbestande oplossings vir die toekoms*. Dit is beskikbaar op AfriForum se YouTube-kanaal of op AfriForumTV.

***Ernst van Zyl is ’n veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.***






Voortrekkermonument

Theodora-opleidingsentrum

# Simbole van *federalisme*




AfriForum-gebou

**Christiaan Kershoff** van Orania.




FOTO: CARINA BESTER

Die Klein Reus in Orania







Vir Afrikaners om 'n volhoubare vry, veilige en voorspoedige toekoms te bou wat hulle in staat stel om 'n blywende bydrae tot die welstand van die land en sy mense te lewer, het hulle 'n plan nodig. Die Solidariteit Beweging, wat AfriForum insluit, is besig om dié plan, bekend as die federale plan, te verfyn en stap vir stap in werking te stel. Een van die sewe bene van die plan is gemeenskapsinstellings. Funksionele eie instellings is die kulturele infrastruktuur waarin en waardeur Afrikaners in hul gemeenskappe leef. Hierdie instellings word gebou en kom tot stand deur 'n #OnsSalSelf-benadering. Só lyk van die instellings wat simbole van hoop, vryheid, selfstandigheid en staatsbestandheid is:

- **AfriForum-gebou**
- **AfriForum-buurtwagte**
- **AfriForum-takke**
- **AfriForumTV**
- **AfriForum Teater**
- **Forum Sekuriteit**
- **Sol-Tech**
- **Akademia**
- **Ons Winkel**
- **Die Voortrekkermonument**
- **Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK)**
- **Pretoria FM**
- **Maroela Media**
- **Bo-Karoo Opleiding (BKO)**
- **Theodora-opleidingsentrum**
- **Skoleondersteuningsentrum (SOS) Wolkskool**










Akademia-studente ontspan op kampus.

# Ons moet leer by ons voorouers se oplossings

Ernst Roets – bestuurshoof vir Strategie by AfriForum


Dr. Ernst Roets

Ons het so gewoond geraak aan die moderne manier van dink en doen dat dit moeilik is om in te sien dat daar 'n ander manier is hoe 'n mens oor die wêreld kan dink.

Die wêreld – veral die Westerse wêreld – het in beduidende mate gestandaardiseer op moderne idees oor byvoorbeeld die staat, menseregte en die mens as individu. Ons moderne manier van dink en doen sou vir ons voorouers heeltemal vreemd wees. Die regeringsvorm wat ons vandag as demokrasie beskryf is nie dieselfde soort demokrasie waarmee Piet Retief as leier van die Voortrekkers verkies is nie. Dit is in belangrike opsigte die teenoorgestelde as dit wat die Atheners as demokrasie beskou het.

In die lig van AfriForum se verskerpte veldtog vir federalisme – vir desentralisering van politieke gesag – is dit belangrik om die aandag daarop te vestig dat ons moderne, gestandaardiseerde manier van dink nie noodwendig die beste manier van dink is nie. Nou moet ons eerstens uitlig dat die woord "modern" misleidend kan wees, omdat dit as 't ware twee uiteenlopende dinge beteken. Die woord "modern" verwys nie net na tegnologiese vooruitgang en vernuwing nie, maar ook na 'n nuwe ideologiese verwysingsraamwerk. Wanneer ek in hierdie artikel krities oor die moderne manier van dink is, is dit nie kritiek op vooruitgang of vernuwing nie, maar kritiek op die nuwe ideologiese voorskrifte waaraan ons deesdae moet voldoen.

Demokrasie word nou voorgehou as 'n regeringstelsel wat gekenmerk word deur mense van uiteenlopende agtergronde en oortuigings wat saam 'n nuwe, staatlike identiteit aanneem (byvoorbeeld, ons is nie meer Afrikaners nie, maar Suid-Afrikaners). Dit word ook aangebied as 'n regeringsvorm wat gekenmerk word deur sekere regte en vryhede wat aan ons gewaarborg word. In 'n moderne demokrasie het jy byvoorbeeld 'n "reg op menswaardigheid", wat daarop neerkom dat jy daarop kan aandring dat mense jou op 'n spesifieke manier moet hanteer – en dat jy die staat se instrumente (byvoorbeeld die hof) kan gebruik om dit af te dwing. Vroeër het demokrasie verwys na 'n homogene kulturele gemeenskap (soos die Voortrekkers) wat bymekaarkom om te kies wie uit hulle eie gemeenskap die aangewese persoon is om hulle te lei. Die Atheners van ouds, die vaders van demokrasie, het glad nie die konsep van menseregte geken nie. Vir die Atheners het waardigheid nie beteken dat jy daarop kan aandring dat mense op 'n sekere manier teenoor jou optree nie. 'n Mens se waardigheid is gemeet aan die waarde wat jy tot jou gemeenskap toevoeg. 'n Waardige mens was een wat bereid was om groot opofferings ter wille van sy gemeenskap te maak. En die mees waardige mens was iemand soos die Spartaanse koning Leonidas, wat bereid was om vir sy mense te sterf. Waardigheid het dus nie beteken dat jy deur die mense rondom jou op 'n manier hanteer moet word wat jou persoonlik laat goed voel nie. Dit was basies die teenoorgestelde.

> **"In ons moderne verwysingsraamwerk word vryheid voorgehou as individuele vryheid, gekenmerk deur menseregte en die idee dat 'n mens vry is as jy kan doen wat ook al jy wil.**

So ook met vryheid. In ons moderne verwysingsraamwerk word vryheid voorgehou as individuele vryheid, gekenmerk deur menseregte en die idee dat 'n mens vry is as jy kan doen wat ook al jy wil. Of, soos Steven Pinker, die outeur van *Enlightenment Now*, dit stel, 'n mens is vry as jy vry is om jou lewe te verwoes. Dit is presies die teenoorgestelde as die manier hoe ons voorouers oor vryheid gedink het. Vir ons voorouers was 'n mens nie vry as jy doen wat ook al jy begeer nie. 'n Mens was vry as sy gemeenskap vry was. En as die gemeenskap (of die "volk") onderdruk word, kon daar nie sprake van individuele vryheid wees nie. Die moderne idee van vryheid is ook strydig met die Bybel se idee van vryheid. Paulus sê byvoorbeeld dat iemand wat swig voor sy sondige begeertes nie 'n vry man is nie, maar 'n slaaf. Ja, vryheid was nog altyd iets wat 'n mens, in gemeenskap met ander, 'n werklikheid maak wanneer jy daarvoor werk en in die proses bereid is om persoonlike opofferings te maak.

So kan ons voortgaan. Die moderne idees van gelykheid en geregtigheid bots ook lynreg met die manier hoe ons voorouers gedink het. Vir ons voorouers was gelykheid nie gelyke uitkomste nie, maar wanneer elkeen, op grond van sy unieke persoonlikheid en talente, sy eie plek in die gemeenskap vind. Geregtigheid was ook nie een of ander wapen waarmee mense gestraf is nie; dit was gekenmerk deur harmonie of balans in die gemeenskap – 'n harmonie wat slegs 'n werklikheid word wanneer elke burger van die gemeenskap sy verantwoordelikhede nakom.

Om vandag net te sê dat mense verantwoordelikhede het waarvan hulle nie kan ontsnap nie is alreeds genoeg om jou as een of ander vyand van vryheid te bestempel. Dit is sommer bog. Sonder verantwoordelikheid kan daar nie vryheid wees nie.

Deur hierdie goed te sê is my argument nie dat ons alles wat nuut is moet verwerp en alles wat ons voorouers gesê het klakkeloos moet napraat sonder om self eie denke aan die dag te lê nie. Dit is wel dat ons nie moet swig onder die druk om alles wat nie "modern" is te verwerp nie.

> **"Sonder verantwoordelikheid kan daar nie vryheid wees nie.**

Dit is 'n teken van 'n verantwoordelike gemeenskap as ons voortdurend by ons voorouers leer sonder om alles onverwyld na te praat, maar ook sonder om alles net te verwerp.

Wanneer ons oor die krisis van die Suid-Afrikaanse bedeling en ook oor die krisis van die moderne wêreld praat, is dit belangrik om soms net weer te gaan vasstel hoe ons voorouers oor sekere dinge gedink het, en om te gaan kyk of hulle nie dalk al lankal antwoorde gehad het vir vandag se probleme nie. Donald Kingsbury het dit goed saamgevat toe hy gesê het dat tradisie 'n stel oplossings is waarvan ons die probleme al vergeet het. Ons mag dalk net vind dat ons moderne probleme juis nou opduik omdat die oplossings wat ons voorouers reeds vir daardie probleme ontwikkel het, juis vandag met die badwater uitgegooi word.



Die borsbeeld van pres. Paul Kruger in Orania.

# Skole vir *gemeenskappe* met eie kultuur en taal

Alana Bailey – hoof van Kultuursake by AfriForum


Alana Bailey

Kort gelede het 'n student aan 'n sogenaamde "voormalige Afrikaanse universiteit" my gevra hoe AfriForum se visie vir 'n Afrikaanse universiteit lyk. "Bedoel julle dan dat álles op die kampus Afrikaans moet wees?" Die vraag het my geskok want vir my, wat jare gelede skoolgegaan en studeer het, was eentalige Afrikaanse onderrig in 'n Afrikaanse kultuuromgewing 'n vanselfsprekendheid. Skielik het ek besef hoe ver instellings al verengels het – vir hierdie student het die normale vreemd, uitsonderlik of dalk selfs aanvegbaar geklink.

Met 'n eentalige Afrikaanse instelling is wat ons bedoel nie 'n instelling wat vyandig teenoor enige ander tale staan nie. Dit huiwer ook nie om deskundiges op gebiede te nooi om lesings daar in hulle eie taal aan te bied nie; inteendeel, dit word verwelkom ten einde studente se studie-ervaring te verryk, maar dan is tolkdienste in Afrikaans beskikbaar. Verder is die klasnotas in Afrikaans en ook sover as wat moontlik is, die handboeke. Waar

> **Getalle is dus geen waarborg vir 'n taal se oorlewing nie, maar die sprekers se ywer is wel.**

handboeke in Afrikaans ontbreek, word ander tale gebruik, maar word daadwerklike pogings aangewend om dit te vertaal of nuwe handboeke in Afrikaans te skep. Studente moet hulle kennis natuurlik met leeswerk aanvul en deur artikels in meer tale te lees, kan hulle hul woordeskat tog veeltalig uitbrei met die oog op die nasionale of internasionale arbeidsmark. 'n Eentalige onderrigtaal beteken nie 'n gebrek aan ontwikkeling in ander tale nie.

Hierdie tipe instelling is nie 'n droom nie, maar die werklikheid waaraan Akademia en Sol-Tech elke dag bou.

In die boek *Kultuurvryheid en selfbestuur* (2017) skryf prof. Deon Geldenhuys dat taal van

KATALAANS IERS-GAELIES BASKIES BASKIES AFRIKAANS WALLIES WALLIES TAMAZIGHT KATALAANS AFRIKAANS

> **Enige terrein waarop Afrikaanse onderrig prysgegee word, berokken die menslik gesproke toekomsverwagting van Afrikaners skade.**

wesensbelang vir die oorlewing van kulturele identiteit is. "In 'n moderne samelewing loop 'n taal wat nie 'n openbare taal is nie, die gevaar om só gemarginaliseer te raak, dat dit slegs onder 'n klein elite in 'n geritualiseerde vorm oorleef, of in afgeleë plattelandse gebiede bly voortbestaan."

Hy verwys verder na die politieke filosoof Will Kymlicka se waarskuwing dat regeringsbesluite oor die taal van openbare skole en dienste in wese eintlik besluite is oor watter samelewingskulture in 'n land sal kan voortbestaan.

Dit is presies die rede waarom AfriForum sedert ons ontstaan in 2006 verbete veg teen enige aanslae wat Afrikaanse moedertaalonderrig in die gedrang bring, insluitend tans weer die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys (ook bekend as die Bela-wet). Enige terrein waarop Afrikaanse onderrig prysgegee word, berokken die menslik gesproke toekomsverwagting van Afrikaners skade.

In lande soos Engeland, Ierland, Spanje en Tunisië sien ons tans hoe taalgemeenskappe ná dekades en selfs eeue van onderdrukking probeer om hulle inheemse tale soos Wallies, Iers-Gaelies, Baskies, Katalaans en Tamazight te laat herleef. In van die lande word groot finansiële beleggings gemaak en wetgewing afgekondig om dié planne te laat slaag, maar wanneer 'n taal eers sy hoë funksies laat versand het en mense dit nie in die alledaagse omgang gebruik nie, word dit tipies in afgeleë gebiede en deur klein elite gemeenskappe bedryf, soos Geldenhuys in die aanhaling langsaan noem.

Die Amazigh is die oorspronklike, voor-Arabiese bevolkingsgroep in Noord-Afrika. Daar word geraam dat hulle uit 30 tot 40 miljoen mense bestaan, en tog het die druk van koloniale tale soos Arabies, Frans en Engels hulle taal in openbare sfere in onder meer Tunisië, Marokko en Algerië uitgewis. Tunisië se nuwe grondwet probeer wel meer ruimte vir die taal skep.

Getalle is dus geen waarborg vir 'n taal se oorlewing nie, maar die sprekers se ywer is wel.

In Europese lande waar klein taalgemeenskappe vir hulle taalregte opstaan en vir wetgewing soos die Europese Handves vir Streeks- en Minderheidstale sorg, sien ons onderwysinstellings van minderhede wat te midde van groot meerderheidstale gedy en internasionaal mededingend is. Dit sluit die Duitse gemeenskappe in Italië (Suid-Tirool) en België, Dene in Duitsland en Hongare in Roemenië in, om slegs enkele voorbeelde te noem.

Die argument dat die akkommodering van meer tale 'n luuksheid is, word verkeerd bewys wanneer ons na die lande se ekonomiese stand kyk. In die 2022-tabel waar lande se bruto binnelandse produk (BBP) deur hulle totale bevolking gedeel word, staan Denemarke tiende, België sewentiende, Italië nege-en-twintigste en Roemenië agt-en-vyftigste. Vergelyk dit met lande waar inheemse moedertale moet veg om oorlewing, soos Suid-Afrika (posisie 93) en Algerië (119).

Die beregtiging van meer tale en amptelike beskerming daarvan het hoër vlakke van geletterdheid, laer vlakke van werkloosheid, meer welvaart en gevolglik ook groter maatskaplike stabiliteit tot gevolg, maar die Suid-Afrikaanse regering weier om dit te erken en onderdruk taalgemeenskappe om ideologiese redes.

As gemeenskap is ons antwoord die beskerming van die onderrig-instellings in eie taal wat tans bestaan en die uitbou en onderhoud van meer sulke instellings op alle vlakke. Dit maak nie net uit 'n ekonomiese, ontwikkelings- en veiligheidsoogpunt sin nie, maar ook wat die behoud en bevordering van ons identiteit vir onsself en ons nageslag betref.




Agter van links: **Ruan du Plessis**, **Rufus Visagie**, **Quintin Jonker**, **Anthony Theunissen**, en **Shane Grobler**. Middel: **Johan Nagel**, **Andries Opperman** en **Wian Bezuidenhout**. Voor van links: **Walter Badenhorst**, **Momé Nagel**, **Henk Niemann**, **Pieter Grobler** en **Jacques du Randt**.

# Groter Moot-gemeenskap werk na droom van eie dorpsraad

Deur Alet Rademeyer

AfriForum se Groter Moot-strukture is sterk op pad om 'n dorpsraad in die kleine te word. Die tak, buurtwag en tuinspan (buurtspan) dien hul gemeenskap en lewer dienste wat die Tshwane-metroraad versuim om te doen.

Die Groter Moot-gebied strek van Voortrekkerweg tot teen die N1-snelweg en van die Magaliesberge tot by Meintjieskop. In 2019 het die buurtspan begin met 'n enkeling wat hier en daar iets doen. Vandag is dit 'n gedugte span raakvatters. Die span bestaan uit agt werkers waarvan ses permanent is. Hierdie manne sien jy elke dag in wind en weer op hul pos, iewers besig om die Moot reg te ruk. Dit is uiteraard vir hulle onmoontlik om altyd oral te wees en daarom word die dienste van vrywilligers ook tydens aksies en projekte gebruik. Met 'n spesifieke aksie sal tot 60 vrywilligers opdaag en help. Dit is federalisme in aksie waar mans, vroue én kinders die mag in hul eie hande neem om te verseker dat waar hulle bly dinge reg loop en hulle trots is op hul omgewing.

Volgens Andries Opperman, buurtbeampte, verdubbel hulle elke jaar in mense en toerusting. Die tak het nou 'n trekker, 'n bakkie, nege bossiekappers, kettingsae, een driewielgrassnyer, 'n Kudu- industriële grassnyer, 'n trekkergrassnyer en die vierwiel-Husqvarna wat 'n allemintige R230 000 gekos het. Maar die span kort nog 'n kersieplukker (wat sowat R120 000 kos) en ander toerusting as hulle straatligte wil herstel en bome moet afsaag en verwyder. Groter padrollers is nodig om die reuseslaggate te herstel en 'n laaigraaf om bourommel weg te ry. Hoewel daar ondernemings is wat reeds ruim bydra en help om die werkers se lone te betaal, is baie meer geld nodig om byvoorbeeld die toerusting te diens en brandstof aan te koop. Om nie eens te praat van die duisende rande wat nodig is om slaggate op te vul en verf aan te koop nie.

Volgens Opperman help goeie beplanning om die werkverdeling te vergemaklik. In die somer word op die skoonmaak van parke en spruite gefokus en om stormwaterpype oop te maak wat tydens reënbuie oorstromings veroorsaak. Spruite in die omgewing is 'n groot probleem omdat baie mense onwettig daar plak, strukture oprig, die gebied bemors en ook met onwettige aktiwiteite soos die plant van dagga en die verkoop van dwelms besig is. "As die gras nie gesny word nie, is dit ook die ideale plek waar inbrekers hul buit wegsteek ná huisbrake. Gesteelde goedere, waaronder 'n motorfiets, is al só teruggevind. As stormwaterdreine nie skoongemaak word nie, veroorsaak 'n enkele swaar bui



reën dat laagwaterbrûe oorstroom en dan moet hulp ingekry word om motors uit te stoot en selfs mense te red," verduidelik Opperman.

In die winter kry slaggate en padtekens aandag en bome word gesnoei.

Die tak gee prioriteit aan sake wat die gemeenskap by hulle én die stadsraad aanmeld. Dit is onmoontlik om met hul beperkte begroting by alles uit te kom wat eintlik die verantwoordelikheid en plig van die stadsraad is. Daar is wel kommunikasie tussen die tak en die raad, maar min versoeke realiseer en min foute wat aangemeld word kry aandag. Soms sal die raad selfs die tak kontak vir hulp.

Volgens Opperman het die tak 'n aktiewe buurtwag, maar ontvang hulle min ondersteuning van die metroraad. "Daarom fokus ons op wat onsself kan regkry. Die buurtwag meld alle onwettige praktyke aan soos die storting van rommel en boumateriaal, asook onwettige plakkery in spruitareas. Ons tree binne die raamwerk van die wet op. Uiteindelik hoop die tak en vrywilligers om soveel vordering te maak dat hulle die stadsraad kan dagvaar omdat hulle genoeg tyd gehad het om dienste te lewer en boonop belastingbetalers se geld mors.

## WAT IS ALLES VERMAG?

- Gras gesny en beboste areas skoon geskoffel en onkruid gespuit
- Spruite skoongemaak en opgeruim
- Padtekens, -strepe en randstene geverf
- Parkies se speelapparaat herstel en geverf
- Slaggate opgevul
- Straatligte vervang
- Vullis en rommel opgetel en verwyder
- Bome gesnoei, afgesny, opgesaag en weggery
- Stormwaterdreine en -pype oopgemaak
- Patrollies gery
- Verdagtes en misdadigers opgespoor en vasgetrek
- Dwelmmisbruik hokgeslaan en daggaplante vernietig
- Nou saam met ander strukture in die gemeenskap gewerk om gebiede en strate te beveilig

"

**As stormwaterdreine nie skoongemaak word nie, veroorsaak 'n enkele swaar bui reën dat laagwaterbrûe oorstroom en dan moet hulp ingekry word om motors uit te stoot en selfs mense te red.**



## DÍT IS HOEKOM ONS DIT DOEN:



**Henk Niemann:** Dit is vir my lekker om vir die gemeenskap te werk.



**Walter Badenhorst:** Ons wys dit is moontlik om iets te doen en te verander. Die opvul van slaggate is baie bevredigend.



**Pieter Grobler:** Dit is 'n werk wat my in staat stel om vir my kind te sorg. Dit is baie harde werk, maar ook lekker.



**Johan Nagel:** Ek kom wys gereeld vir my vrou wat ons doen en regkry. Ek het uit die Kaap hier kom vakansie hou en nou sommer 'n werk gekry. Dit hou my uit die moeilikheid. Die eerste paar weke vat aan 'n man, maar daarna is die harde werk lekker.



**Morné Nagel:** Dit is vir my goed om te sien hoe die omgewing om my verander en skoner word. Ek hou ook van die spanwerk en spangees.



**Wian Bezuidenhout:** Hierdie is my eerste werk en ek sien dit as 'n goeie geleentheid om 'n salaris te begin verdien. Ons doen die munisipaliteit se werk. Elke dag sê mense vir ons dankie of hulle wys dit deur vir ons kos en koeldrank te bring. Hulle kyk goed na ons.



**Rufus Visagie:** Ons werk om die stadsraad uiteindelik te vervang. Ons weet dit gaan nog baie lank neem en dit is 'n opdraande pad. Ons is egter trots daarop om deel te wees van die 5% mense wat bereid is om self iets te doen en nie net sit en kla nie. Baie mense is selfsugtig en sal eerder net kla as om self iets te doen.



**Andries Opperman:** Drie elemente is vir sukses nodig, naamlik baie vrywilligers, betaalde werkers en die beste hoëvlakdienstoerusting. Ons besef ons kan nie munisipale dienste met 'n paar vrywilligers oorneem nie. Ons kan dalk 'n blok of 'n straat regruk, maar ons kan nie alles doen nie omdat ons nog nie die nodige toerusting of mense met vaardighede het nie. Daarom is die stryd so geweldig en uitbreiding en groter samewerking so noodsaaklik.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

# Kokoriba

## Jou ideale Bosveld-wegbreek

Kokoriba Wildreservaat en Gesinsvakansieoord naby Brits se groot opknappingsprojek wat verlede jaar begin is, is afgehandel en dié gewilde vakansieoord spog nou met drie verskillende glybane en 'n nuwe dam.

Die drie glybane bied iets vir elke avonturier – van die beginner tot die meer waaghalsige persoon. Die gaste wat by dié nuwe glybane afgly voel opnuut weer soos 'n kind en dit verskaf hope pret vir die hele gesin.

Die nuwe Kokoriba-dam skep 'n rustige atmosfeer en is die perfekte plek waar ouers en kinders 'n middag van visvang kan geniet.

Kom geniet die vier swembaddens (waarvan twee verhit is) en glybane of speel minigholf, tafeltennis, veerpyltjies of potspel. Die oord beskik ook oor 'n à la carte-restaurant, 'n gelisensieerde kroeg en 'n minisupermark. Gholfkarretjies kan ook gehuur word om wild te besigtig.

Kokoriba is die ideale, bekostigbare Bosveld-wegbreek – of jy nou in die woonwapark kamp opslaan of in die goed toegeruste selfsorgeenhede met lugversorging wil tuisgaan. Groepe van tot 32 mense kan by Kokoriba geakkommodeer word.

AfriForum-lede ontvang 'n 20%-korting by Kokoriba. Besoek **www.kokoriba.co.za** vir meer inligting of skakel **012 277 1204** vir besprekings.












ONS TUISTE
OUETEHUIS
LOUIS TRICHARDT (Langs N1, Makhado Crossing Centre)
AKKOMMODASIE EN VERSORGING VAN UITMUNTENDE KWALITEIT!
WOONSTELLE
MEDIUM SORG
SIEKEBOEG
ONS IS: BEKOSTIGBAAR, PROFESSIONEEL, GEMEENSKAPSBETROKKE EN 'N RUSTIGE TUISTE IN SUBTROPIESE KLIMAAT!
ONS HET: LANGTERMYNVERSORGING, HOËSORG SIEKEBOEG, SKOONMAAKDIENSTE EN AKTIWITEITE.
ONS BIED: OPGELEIDE PERSONEEL, PRAGTIGE TUINE, RESPEK EN MENSWAARDIGHEID.
WERKSWINKELS
Bingo!
Biblioteek
HAARSALON
KERKDIENS
Senior MindMoves
Manager / Bestuurder (Kittie de Bruin): 015 516 0997

# **Federalisme** in Centurion stuit verval

Deur Carina Bester

Die buurtspan van AfriForum se Centurion-tak het al heelwat werk vanjaar gedoen en wil graag die tekortkominge van die Tshwane-metroraad self oplos en self in beheer van die gebied wees.

Dié tak is in 2020 gestig en hulle moes met die heel eerste skoonmaakaksie toerusting huur. Alhoewel daar aanvanklik met die eerste aksie 64 mense opgedaag het, het al hoe minder mense begin opdaag om te help tydens aksies. Die tak het dit toe goedgedink om eerder mense aan te stel en spog nou met vyf heeltydse werkers in die buurtspan en twee heeltydse lede in die herwinningspan wat almal deur die tak betaal word. Hierdie spanne werk daagliks om 'n wesenlike verskil in Centurion te maak, terwyl daar elke derde Saterdag van die maand saam met die gemeenskap 'n takaksie aangepak word.

Die tak het begin om hulle eie toerusting aan te koop en spog nou met 'n trekker met 'n swaardiensbossiekapper, 'n kerfmasjien (chipper) van R120 000, twee swaardiens-Kudu-grassnyers (R30 000 per grassnyer), sewe bossiekappers, twee kettingsae en handgereedskap. Die tak het ook 'n bakkie en sleepwa.

Die tak se uitgawes beloop ongeveer R70 000 tot R100 000 per maand waarvan die lone en brandstof ongeveer R30 000 beloop en hulle is dankbaar vir elke lid en sakeonderneming se bydrae en skenking waarsonder hulle nie die werk kan verrig nie.

Die Centurion-tak wil egter graag uitbrei en nog 'n buurtspan in diens neem, 'n tweede bakkie en sleepwa aanskaf, asook nog grassnymasjinerie om selfs 'n groter verskil in die gebied te maak.

Om die buurtspan se werk te vergemaklik is Centurion in agt sones opgedeel en het hulle ook 'n roete waarvolgens hulle werk sodat hulle by die verskillende woonbuurte in Centurion kan uitkom.

Die tak het ook neem-'n-area-aan-ooreenkomste met die



John van Biljon

> **Ons wil graag so geposisioneer wees sodat ons ons eie dorpsraad vir Centurion kan vestig. Ons wil die gemeenskap help en hoop skep.**

Tshwane-metro aangegaan. Hulle is nou verantwoordelik om Furman-park en Montaque Kneen-park in Valhalla netjies en in stand te hou en maak gereeld 'n draai by dié parke.

"Ons wil graag so geposisioneer wees sodat ons ons eie dorpsraad vir Centurion kan vestig. Ons wil die gemeenskap help en hoop skep. Ons kan egter nie oral help sonder die gemeenskap se hulp en inkoop nie," sê André de Bruyn, voorsitter van AfriForum se Centurion-tak.

Die tak het in 2022 altesaam 56 projekte aangepak en wil al daardie projekte weer vanjaar aanpak, asook nuwes. Hulle het vanjaar reeds in Furman-park (11 000 m$^2$), asook in Montaque Kneen-park (60 000 m$^2$) gras gesny en skoongemaak. 9 000 kg herwinbare materiaal is gesorteer en betonasblikke is in Flamingo-, Escort- en Fleurpark aangebring. Die buurtspan het ook 'n area van 5 000 m$^2$ by twee gevaarlike kruisings skoongemaak, asook drie gevaarlike wegkruiperwe in Heuweloord van 3 400 m$^2$.

Die tak se buurtwag maak 'n groot impak en het goeie samewerkingsverhoudings met die onderskeie veiligheidsrolspelers in Centurion. Die buurtwag bestaan uit 20 lede met agt spanleiers. Die buurtwag doen gereeld patrollies op die snelweg omdat misdadigers gevaarlike voorwerpe in die pad plaas om motoriste te beroof. Buurtwaglede het ook 'n vrou op die snelweg in die aand gehelp nadat haar motorband gebars het en hulle het gehelp om 'n brand by die Laerskool Bakenkop te blus.

Volgens De Bruyn wil hulle graag die buurtwag verder uitbrei om hulle hande sterk te maak om 'n veilige gemeenskap te hê.



## DÍT IS HOEKOM ONS DIT DOEN:



**Johannes Esterhuysen:** Ek is nou 'n jaar en ses maande by die buurtspan betrokke nadat die Pretoria-tak van Yskor waar ek 32 jaar lank gewerk het, toegemaak het. Die stadsraad doen nie al die werk wat hulle moet nie, daarom probeer ons staatsverval beperk. Die gemeenskap skenk aan ons en ons gee op hierdie manier terug aan hulle.



**John van Biljon:** Dit is vir my lekker om in die buitelug te werk en ons hou van die ondersteuning van die gemeenskap wat vir ons koeldrank aflaai of die toeter in die verbygaan druk.



**Leon Bouwer:** Ek is baie lief vir die werk wat ons doen. Ek wil sommer harder werk as die gemeenskap ons langs die pad waar ons werk bedank.



**Shaun Brümmer:** Ek geniet dit om te hark en ek hou van kleintyd af daarvan om in die tuin te werk. Mense wat werkloos is moet betrokke raak sodat hulle 'n geleentheid het om iets van hulle lewe te maak.



**Juan-dré Brink:** Ek het vir 'n ruk in Montaque Kneen-park gebly en daar is vir my gevra of ek in die buurtspan wil werk. Ek het dadelik ja gesê. Noudat ek werk het, voel ek baie meer selfstandig en dit voel asof ek iets het om voor te lewe.



**Gregory Orpen:** Ek het lank gesukkel om werk te kry en dit is vir my die lekkerste om met my hande te werk.

### WAT IS ALLES VERMAG?

- 9 000 kg herwinbare items is by inwoners opgelaai en verkoop.
- 7 000 kg tuin- en bourommel is opgetel en weggery.
- Furman- en Montaque Kneen-park word deurlopend skoongemaak en in stand gehou.

FOTO'S: CARINA BESTER

# Centurion



# Benodig jy ’n vakansie?
# KOM RUS!

Santana VAKANSIEOORD | HOLIDAY RESORT

Santana-vakansieoord is reg op die strand in die middel van Margate se goue myl geleë en bied gerieflike selfsorgverblyf met asemrowende uitsigte oor die Indiese Oseaan. Die oord se mooi tuine lei jou direk na die strand met sy goue sand en uitnodigende warm seewater.

AfriForum

AfriForum-lede kwalifiseer vir
**20%-korting.**

Bepalings en voorwaardes geld.

**Besprekings: 039 312 2443 / navrae@santana.co.za**
**www.santana.co.za**






# Scottburgh-karavaanpark, die een op die strand

**Hou jy vakansie in ’n veilige omgewing en ontspanne atmosfeer? Ons het dit alles!**
**Meer as een kilometer strandfront, prentjiemooi see-uitsigte, verfrissende rots- en getypoele, en varswaterswembaddens én ’n koffiewinkel op die strand.**

THE ONE ON THE BEACH
Scottburgh CARAVAN PARK
DIE EEN OP DIE STRAND

AfriForum

Bespreek by **039 976 0291** of **caravanpark@scottburgh.co.za**.
**www.scottburghcaravanpark.co.za**

AfriForum-lede kwalifiseer vir
**15%-KORTING**
op die standaardtariewe.




# 'n Netwerk van kultuurgemeenskappe:

## Getrou aan die federale werklikhede van Suidelike Afrika

Deur Barend Uys

### WERKLIKHEDE

Die sentralistiese Suid-Afrikaanse bedeling is tans besig om teen 'n versnelde tempo te misluk. 'n Bedelingsprobleem moet met 'n bedelingsoplossing aangespreek word, daarom werk AfriForum binne die breër Solidariteit Beweging met ywer saam aan die inwerkingstelling van ons sewebeen- federale toekomsplan. Vir 'n oplossing om goed te werk, moet dit 'n goeie passing op die werklikheid wees, of anders gestel, dit moet getrou aan die waarheid wees.

Wanneer ons dus sê dat ons oplossing federaal van aard is, moet die ware karakter van die werklikheid ook federaal wees vir die plan om te pas en ook te werk. Nou is die vraag: Is die Suid-Afrikaanse werklikheid in wese federaal van aard?

### GEOGRAFIE

Suid-Afrika se grondgebied is op 'n halwe persent na so groot soos die gekombineerde grondgebied van Frankryk, Duitsland, Italië en Nederland. Die setel van die uitvoerende gesag van Suid-Afrika (in Pretoria) is so ver van die wetgewende gesag (in Kaapstad) as wat Brussel van Rome af is. Tussen Brussel en Rome steek 'n mens vier internasionale grense oor. Lesotho, wat soos 'n klein lappie grond binne Suid-Afrika lyk, is binne 0,3% presies so groot soos België. België bestaan uit drie outonome gebiede, terwyl Duitsland, wat maar 29% van die grootte van Suid-Afrika se grondgebied beslaan, 'n federale bestel is wat uit 16 deelstate bestaan.

### TAAL

Dit is welbekend dat 11 gesproke tale die status van amptelike taal in Suid-Afrika geniet. Die werklikheid is egter baie meer kompleks as dit: Daar word naas die amptelike tale ook meer as 20 ander tale gepraat.



FOTO: CARINA BESTER

**Prinses Bhelekazi Mabandla**, **Barend Uys** en **koning Zwelothando Mabandla**.

### GEMEENSKAPPE

'n Volgende werklikheid van Suid-Afrika is dat die bevolking van die land nie 'n homogene groep individue is nie, maar 'n gemeenskap van gemeenskappe is. Daar is verskeie kultuur-, taal-, geloofs- en ander gemeenskappe in die land.

### GEMEENSKAPSORDES

'n Werklikheid van die tradisionele gemeenskappe van Suidelike Afrika is dat hulle 'n tradisionele orde het, 'n regerings- of gesagsorde met wortels wat baie ver terug lê. Ons kan die Zoeloe-kultuurgemeenskap as voorbeeld gebruik.

Daar is die koning (*ingonyama*) en langs hom die tradisionele eerste minister, die *ndunankulu*. Die Zoeloe-koninkryk bestaan uit verskeie stamme; elke stam het 'n opperhoof (*inkosi*), met sy eie eerste minister of *ndunankulu*. Die *ndunankulu* is die hoof van die hoofmanne (*izinduna*). Onder elke hoofman (*induna*) is daar weer raadslede.

Die *induna* bestuur die toekenning van grond waarvoor hy verantwoordelik is, in oorleg met sy raadslede. Die stelsel is in wese baie federaal – die *inkosi* meng nie in met grond wat 'n *induna* toeken nie en die *ingonyama* het geen direkte invloed op die toedeling van grond deur die *inkosi* op voetsoolvlak nie.

Die tradisionele leiers is verantwoordelik vir die handhawing van tradisionele reg in hul gebiede. Tradisionele reg werk anders as reg met 'n Westerse oorsprong. Tradisionele reg en gebruike word pragmaties toegepas, afhangend van die omstandighede. Die hoofdoel van 'n verhoor is om 'n oplossing te kry, om 'n herhaling van verkeerde optrede te voorkom – nie om te straf nie, al is daar wel gevolge vir verkeerde optrede.

### DIE PERMANENTE

Dit is 'n eenvoudige werklikheid dat, uit die hoek van die tradisionele gemeenskap gesien, die tradisionele leierskap (die opperhoof en die koning) die permanente is. Die ander orde, of eerder ordes, is dít wat met verloop van tyd kom en gaan. 'n Mens hoef eenvoudig terug te kyk: Die Zoeloe-kultuurgemeenskap is al sedert die tyd van koning Shaka op dié manier georganiseer. Intussen het die kolonies, die unie, die republiek en die huidige bestel elk met hul eie papiere en persone gekom en gegaan. Al wat vasstaan is *ingonyama*, *amakhosi* en die *izinduna*.

### 'N NETWERK VAN KULTUURGEMEENSKAPPE

AfriForum is besig om as deel van sy sewebeen- federale toekomsplan 'n netwerk van kultuurgemeenskappe te bou deur formele wedersydse erkenning- en-samewerkingsooreenkomste met ander kultuurgemeenskappe te sluit en ook aktief saam te werk waar belange gedeel word – tot voordeel van Afrikaners en die ander kultuurgemeenskappe.

### ONS GESLAG SE TAAK

Ons werklikhede maak desentralisering en die vestiging van gemeenskapsfederalisme nie net makliker nie, maar noodsaaklik. Ons moet die werklikheid vierkantig in die oë kyk, ons eie oë glo en die geleentheid aangryp om van onder af die federale werklikhede wat bestaan te versterk en uit te bou om 'n gemeenskapsgesentreerde orde te vestig waarin gemeenskappe kan leef, groei en gedy.

***Barend Uys is hoof van Internasionale Verhoudings en Samewerking by AfriForum.***

# Gesamentlike landbouprojekte dra by tot voedselsekerheid



FOTO: CARINA BESTER

AfriForum en ander rolspelers het die AmaBhele kaJamangile-koninkryk gehelp met 'n Nguni-bokprojek.

*Goeie samewerking en wedersydse erkenning en respek tussen die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika is een van AfriForum se belangrike fokuspunte in die organisasie se federalismeplan. Daarom het AfriForum reeds samewerkingsooreenkomste met verskeie kultuurgemeenskappe onderteken. Carina Bester doen verslag.*

## Barolong Boo Seleka-koninkryk

AfriForum het in 2020 'n ooreenkoms met die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap gesluit en met behulp van al die betrokke rolspelers soos die familieboerorganisasie Saai en die Boiphitlhelelo Koöperatief by Noga's Post is die tweede graanoes van die gesamentlike landbouontwikkelingsprojek vanjaar geoes.

Weens die hoë reënval tydens die 2021-plantseisoen is daar besluit om nie sonneblom te plant nie, maar om eerder in die winter koring aan te plant. Dié oes het vanjaar sowat 8,5 ton koring opgelewer wat aan die OVK in Tweespruit gelewer is.

Volgens Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum, word hierdie projekte saam met die plaaslike gemeenskap van Noga's Post, die tradisionele leierskap en Saai aangepak. "Ons wil hê ons kinders en hulle kinders moet in vrede en harmonie kan saamleef. Die enigste manier waarop ons dit gaan regkry, is deur goeie verhoudings tussen die verskillende kultuurgroepe te handhaaf. Terselfdertyd versterk ons gemeenskapselfstandigheid en verskaf ons voedsel wat in die lang termyn stabiliteit en vreedsame naasbestaan verseker."

"Ons wil van Noga's Post 'n modelgemeenskap maak. Landbou is een van die vier boustene vir ontwikkeling waarop ek fokus, want landbou is lewe; ons kan nie sonder kos voortbestaan nie. Ons moet die mense wat die grond besit leer hoe om die grond te bestuur en optimaal te benut," sê *Kgosi* (koningin) Gabo Maroka, koningin van die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap.

## AmaBhele kaJamangile-koninkryk

AfriForum en Saai het saam met *iNkosi* (koning) Zwelothando Mabandla van die AmaBhele kaJamangile-koninkryk naby Maclear in die Oos-Kaap 'n inheemseveldboklandbou-ontwikkelingsprojek van stapel gestuur. Dié gesamentlike projek het 'n beplande tydsverloop van ses jaar en 21 Nguni-inheemseveldbokke is vir die begin van die projek op *iNkosi* (koning) Mabandla se plaas Mncetyane afgelewer. Daar word beoog om oor die volgende twee jaar nog 41 Nguni-inheemseveldbokke, wat as die basiskudde gaan dien, aan te koop.

Volgens Uys wil hulle oor die volgende ses jaar die projek winsgewend bestuur sodat dit 'n volhoubare inheemseveldbokboerdery kan word.

Tydens die oorhandiging van die bokke het Gerhard Lourens van LGL Inheemseveldbokskilderstoet en visepresident van die inheemseveldboktelersgenootskap van Suid-Afrika, praktiese opleiding vir *iNkosi* (koning) Mabandla en sy span aangebied en die nodige kennis oorgedra om die bokke te versorg.

"Ons visie is om 'n selfvoorsienende gemeenskap te vestig. Dit is iets wat nie sonder goeie beplanning en harde werk gebeur nie. Met hierdie projek het ons die eerste stap geneem om die toekoms waaraan ons bou te begin," sê prinses Bhelekazi Mabandla, hoof van koninklike diplomatieke dienste van die Jamangile kaMabandla- koninklike familie.

"Mense wat in landelike gebiede grootgeword het, verstaan die dinamika en praktiese gedeelte van bok-, vee- en in die breë mielieboerdery, maar hulle verstaan nie altyd die besigheidsdinamika daarvan nie. Daarom het ons met hierdie projek kom seker maak dat die besigheidskant tot sy reg kom deur opleiding, deur te verduidelik wat die rol is van genetika en veeverbetering sodat hierdie projek winsgewend kan word. Ons is nie besig om bestaansboere te vestig nie, maar om familieboere te ondersteun en te ontwikkel tot kommersiële boere wat tot welvaartskepping, voedselsekerheid en daarom ekonomiese groei en stabiliteit sal bydra," sê dr. Theo de Jager, direksievoorsitter van Saai.

# Hoe lyk diensgerigte leierskap regtig?

Deur Christo Swart



Dr. Christo Swart

Pres. Cyril Ramaphosa het tydens sy afsluitingstoespraak by die ANC se verjaarsdagvieringe in Bloemfontein sy korps opgeroep om die Suid-Afrikaanse gemeenskap tot diens te wees.

Die einddoel van hierdie motivering is natuurlik om die land se kiesers se vertroue in die regerende party te probeer terugwen en dit is ook so aan die gehoor meegedeel.

Dit is 'n noemenswaardige ideaal om na te streef – sou die term diensgerigte leierskap inderdaad na ware betekenis verstaan en geïmplementeer word.

Vir die doel van hierdie artikel sal die karaktereienskappe van diensgerigte leiers – soos verwoord en gemeet deur prof. Dirk van Dierendonck en dr. Inge Nuijten in hul *The Servant Leadership Questionnaire* – aangewend word om die diepte van die begrip te verwoord.

Die ANC-regeringsleiers kan gerus kennis neem van hierdie eienskappe aangesien dit hulle ongelukkig meestal ontbreek.

Allereers is dit die lewenstaak van diensgerigte leiers om gemeenskappe se behoeftes en nood te takel. Diensgerigte leiers beskou dit as hul lewenstaak om mense en gemeenskappe optimaal te bemagtig. Dít bereik hulle deur te voldoen aan die basiese behoeftes en regte van mense wat onder meer die reg op veiligheid, die reg op water, die voorsiening van elektrisiteit en die reg op goeie gehalte onderwys insluit.

Ware diensgerigte leiers vertrou volgelinge met die take wat aan hulle toevertrou is. Hulle hou hulle nie op met die beuselagtigheid van mikrobestuur, in Suid-Afrika se geval sentralisme, nie. Ook laat hulle nie alles net aan Godsgenade oor nie, maar eis verantwoordiging van diegene aan wie spesifieke opdragte gegee is, aangesien hulle daadwerklik poog om verandering realiteit te maak.

Diensgerigte leierskap behels ook dat leiers by tye terugstaan en toelaat dat korrek toegedeelde mandate uitgevoer word – sonder inmenging en politieke agendas.

Op hierdie wyse sou iemand soos 'n André de Ruyter eerder gemotiveer word om die boot van Eskom om te draai as om vir die wolwe gegooi te word ter wille van partypolitiek!

> **Ware, diensgerigte leiers tree eties op. Hulle verskuif nie die blaam vir hul eie mislukkings en verkeerde besluite nie.**

Nederigheid is 'n verdere eienskap van diensgerigte leiers. Nederigheid behels dat leiers meer gefokus is daarop om as instrumente te dien tot 'n groter doel en minder gerig is op hulle eie ambisie of selfs verryking. Nederigheid hou die voordeel in dat leiers verstaan dat hulle hul (politieke) mag kan herlei en deel met ander tot voordeel en die opheffing van ander en nie net hulself nie. Die eienskap van nederigheid maak dat ware leiers hulle tekortkominge erken en dat hulle bereid is om te luister na goeie advies. Politieke retoriek maak plek vir diensgerigte aksie. Nederige, diensgerigte leiers benodig nie die kalklig om van hulle omgewing 'n beter plek te maak deur self moue op te rol en skouer aan die wiel te sit nie.

Vergewensgesindheid is ook aldus Van Dierendonck en Nuijten 'n karaktereienskap van diensgerigte leiers. Leiers wat opreg hul land dien huldig nie standpunte in die openbaar soos byvoorbeeld dat "wit" mense nie meer mag het of moet "trek" nie.

Van Dierendonck en Nuijten meen voorts dat diensgerigte leiers ook dapperheid aan die dag lê. Die land het leiers nodig wat bereid is om die bul by die horings te pak. Leiers wat dapper genoeg is om byvoorbeeld 'n sukkelende en onsuksesvolle staatsentiteit soos die SAL te verkoop eerder as om toe te kyk én te besluit om miljarde rande in hierdie bodemlose put te stort. Ware leiers neem standpunt in en maak besluite om goeie uitkomste vir die hele land te bereik, hetsy dit is om elektrisiteit te verskaf vir ondernemings om die land se ekonomie te bou of vir arm gemeenskappe.

Rentmeesterskap loop hand aan hand met diensgerigte leierskap. Diensgerigte leiers doen verantwoording rakende die gelde en pligte wat aan hulle toevertrou is. Hulle neem eienaarskap want hulle dien 'n groter saak as hulself.

Ware, diensgerigte leiers tree eties op. Hulle verskuif nie die blaam vir hul eie mislukkings en verkeerde besluite nie. Hulle tree ook nie korrup en uit eie belang en gewin op om hulself en 'n sekere uitverkose of politieke groep te bevoordeel of te verryk nie.

En laastens besit diensgerigte leiers ook die eienskap van oorspronklikheid en geloofwaardigheid. Hulle weet wie hulle is. Hulle verstaan hulle roeping. Hulle ken hulle sterk- en swakpunte. Hulle kan jammer sê waar hulle fouteer het. Daarom word hulle vertrou en met entoesiasme gevolg.

Ons land se moraal is op 'n laagtepunt. Natuurlik is daar hoop. Maar dan sal die ware betekenis van diensgerigte leierskap opnuut besef en geïmplementeer moet word. In elke gemeenskap is daar wel individue wat deur hul handel en wandel die voorbeeld van diensgerigte leiers uitleef. Hulle verdien ons dank, want hulle gee ons nie net moed nie, maar ook vertroue in die toekoms.

***Dr. Christo Swart is verbonde aan die Regskool van STADIO en is ook koördineerder van die Sentrum vir Toegepaste Reg en Leierskapstudies.***

DREAM
HOTELS & RESORTS

# Van lekker kampeer tot *luukse verblyf* by die Groot Vyf





**Olifants River Lodge**
**in Middelburg, Mpumalanga**

OLIFANTS River Lodge





MADIKWE RIVER LODGE

**Madikwe River Lodge**
**in die Madikwe-wildreservaat, Noordwes**

**AfriForum-lede** kwalifiseer vir **25%-korting** by beide oorde.

AfriForum

Vir meer inligting/besprekings, kontak die sentrale besprekingskantoor by **0861 010 347** of **reservations@dreamresorts.co.za**.

Bepalings en voorwaardes geld.

# Gemeenskapsfederalisme word van onder af gebou

Die gedagte van gemeenskapsfederalisme is eintlik niks nuut vir AfriForum se meer as 160 takke nie.

In die afgelope paar maande is duisende slaggate opgevul, honderde hektaar gras gesny, padtekens herstel of oorgeverf, middelmannetjies netjies gemaak, begraafplase en parkies opgeknap en skoonmaakprojekte volhoubaar aangepak.

Daar is feitlik nie 'n dorp in die land waar munisipale verval nie gesien kan word en 'n daaglikse werklikheid is nie.


Dit is hoekom AfriForum se takke en vrywilligers op 'n daaglikse basis projekte aanpak en honderde ure se werk insit om versnelde munisipale verval en agteruitgang teen te werk. Die werksaamhede in van die takke het reeds só uitgebrei dat hulle die nodige toerusting soos grassnyers, bossiekappers, trekkers en bakkies kon aanskaf om selfs nog 'n groter impak te maak. Al hoe meer takke het ook nou tuin- of buurtspanne wat die werk doen en selfs 'n klein salaris verdien.

> **"Daar is feitlik nie 'n dorp in die land waar munisipale verval nie gesien kan word en 'n daaglikse werklikheid is nie.**

In die Groter Moot in Pretoria word daar reeds gepraat van 'n eie dorpsraad, maar die uitdaging is om dienste te lewer sonder die luuksheid van belastinggeld wat munisipaliteite vermors. Tog vermag AfriForum se takke baie soos van die projekte hieronder illustreer.

**KEMPTON PARK**
Die tak het hul mobiele gesondheidsentrum opgeknap en die Allen Park-tehuis vir bejaardes besoek. Gereelde besoeke vind plaas en tot 60 persone per besoek maak van die gesondheidsentrum se dienste gebruik.





Die park in Adderleystraat nadat dit opgeruim is.

**VANDERBIJLPARK**
Die parkie in Adderleystraat is opgeknap sodat kinders weer daar kan speel.



**BETHAL**
Twee noodwaterpunte is opgerig om water aan die gemeenskap te voorsien. Die tak het die Laerskool Marietjie van Niekerk ook gehelp om 'n belangrike waterlyn te vervang.



**STANDERTON**
Die Voetsporemonument is weer skoongemaak. Die tak het saam met die Lekwa Plaaslike Munisipaliteit ook die gras by die hoofsubstasie in Mopaniweg gesny.

**BETHLEHEM**
Volhoubare opknappingswerk is by die museum op die dorp gedoen, asook by die Môrelig-, Anglo-Boereoorlog-, Baken Park- en die Bohlokong-begraafplaas.



**Bongani Mkhonza**, **Romeo Malekoane** en **Thabo Mofokeng** sny gras by die Bohlokong-begraafplaas.

**UTRECHT**
Die tak het die kragopwekker by die polisiestasie gediens wat al drie jaar lank probleme gee.



**Ao. André Els** en **lt.kol. Magudulela** van die Utrecht SAPD.

**KEIMOES**
Die tak maak weekliks die hoofstraat en waterwiel ('n nasionale monument) skoon. Die ablusiegeriewe by die waterwiel, wat vir toeriste bedoel is, word ook skoongehou.



**SPRINGS**
Die gemeenskap het ingespring en die plaaslike polisiekantoor se tuin opgeknap met gras en plante wat geskenk is. Inwoners van die Springs Metodistehuis is met potjiekos bederf. Herhaaldelike kragonderbrekings het tot 'n watertekort by die Sandy Shell-versorgingshuis gelei. Water is ingesamel en hier afgelewer.



**MIDDELBURG**
Die Kranspoort- en Middelburg-tak het instandhoudingswerk by die Loskopdam-monument gedoen. Die monument is skoongemaak en die gras is gesny, terwyl die palissades wat die monument omhein ook oorgeverf is.



Die palissades om die Loskopdam-monument is oorgeverf.

**PIET RETIEF**
Die tak het die plaaslike munisipaliteit gehelp met instandhoudingswerk aan die dorp se waterpompe.





**BLOEMFONTEIN**
Die onderskeie takke in die stad is geruime tyd al besig met instandhouding van die Ou Presidensie, die Brits-monument en die President Brand-begraafplaas. Vier ander nuwe projekte is ook vanjaar in Bloemfontein van stapel gestuur om verskeie dele van die stad op te knap.



# Snel optrede deur buurtwagte beskerm en red lewens

Deur Alet Rademeyer

AfriForum se meer as 165 buurt- en plaaswagte is van onskatbare waarde vir gemeenskappe waar die polisie nie meer hul plig om landsburgers in nood te help kan nakom nie.

In die afgelope maande het die buurtwagte reg oor die land honderde patrollies gery en duisende kilometer afgelê om sigbaarheid te verhoog en misdadigers af te skrik of te verdryf.

Die buurtwagte en AfriForum-takke was ook by reddingspogings en die aankeer van talle verdagtes betrokke. Hulle is ook genader om in dorpe waar daar 'n goeie verhouding met die plaaslike polisie en privaat veiligheidsmaatskappye is saam te werk om misdaad te bekamp.

Hierdie vrywilligers het ook hul tyd opgeoffer, hulpbronne en toerusting beskikbaar gestel om brande te help blus en waar daar oorstromings was ontwortelde bome te verwyder en slagoffers na veiligheid te bring.

## Ander suksesse sluit in:

**Bultfontein:** Die buurtwag is genader en 'n hommeltuig is gebruik om 'n plaasaanval af te weer.

**Bloemfontein:** Bosslapers is suksesvol in Rayton-Heuwelsig verwyder.

**Groter Moot:** Die buurtwag het op 'n liggaam afgekom aan die voet van die Magaliesberg. Hulle het aan Operasie Pitbull deelgeneem wat op die bekamping van dwelmhandel fokus.

**Wes-Moot:** Twee mense is naby die reservoir gearresteer. Verskeie LPR-kameras wat nommerplate ontleed, is in gebruik geneem wat tot die opsporing van verdagte voertuie gelei het.

**Centurion:** 'n Gestrande persoon is ná 'n noodoproep op die N1-hoofweg te hulp gesnel.

**Vanderbijlpark:** Hulp is verleen aan twee mense wat in 'n oop veld in die dorp beroof is. 'n Man is gehelp wat op 'n sypaadjie met borspyn inmekaar gesak het. Die buurtwag het ook gehelp om 'n seun op te spoor wat vermis was.

**Alberton:** Die buurtwag en tak het mense op verskillende ongelukstonele ondersteun en hulp verleen. Die tak het ook die nooddienste ontbied waar 'n OTM opgeblaas is. 'n Gesin is ondersteun op wie daar geskiet is. Sonkragligte is aan die polisiestasie geskenk om die uitdagings van beurtkrag te oorkom.

**Brakpan:** Die tak het vuur-en-beweging- taktiese wapenopleiding aan verskeie families en lede van die gemeenskap aangebied.

**Benoni:** Talle paaie is ná erge reënstorms opgeruim en verskeie kettingsae is gebruik om bome wat paaie versper het op te saag en te verwyder. 'n Vermeende voertuigdief is agternagesit en gevang.




**Sakkie Odendaal** en **Paul Potgieter** van Witrivier het 'n kaart aan die SAPD geskenk.

**Boksburg:** 'n 17-jarige meisie wat op straat in kraam gegaan het is na 'n hospitaal geneem en die nooddienste is ontbied vir 'n 23-jarige vrou wat snywonde aan haar hande opgedoen het. Ondersteuning is by 'n poging tot moord-toneel gegee waar 'n man in die nek geskiet is. Die tak was ook op verskeie ongelukstonele waarby motorfietse en ander voertuie betrokke was. Die nodige ondersteuning is aan beseerdes gegee totdat die nooddienste ontbied kon word.

**Germiston:** Die gemeenskap is gehelp waar twee gewapende mans 'n Engen-vulstasie beroof het. 'n Kind is na 'n hospitaal geneem nadat 'n hek op hom geval het. Hulp is verleen op 'n toneel waar 'n brand in 'n fabriek ontstaan het en vier mense ernstige brandwonde opgedoen het. Taklede was vinnig op die toneel waar 'n vragmotor deur 'n muur gery het en 'n bakkie in 'n ander voorval in 'n muur vasgejaag het toe dit met klippe bestook is. Hulp is ook verleen by 'n toneel waar 'n voetganger raakgery is.

> “Hierdie vrywilligers het ook hul tyd opgeoffer en hulpbronne en toerusting beskikbaar gestel.

**Kempton Park:** Veiligheid in die gebied is opgeskerp met nog 'n nommerplaatherkenningskamera wat geïnstalleer is. 'n Sportskietspan is op die been gebring met sowat 14 aktiewe lede.

**Springs:** Bystand is gelewer aan 'n man wat 'n oordosis pille geneem het. Hulp is ook gegee by verskeie ongelukstonele.

**Witrivier:** Die SAPD-kantoor het 'n kaart met omvattende inligting gekry wat hulle met gebeurlikheidsbeplanning en operasies kan help.

**Naboomspruit:** Vyf vermeende wildstropers is vasgetrek ná hulle in 'n ongeluk betrokke was. Gereedskap vir stropery en gestroopte diere is in hul besit gekry.

**Stellenbosch:** Die jongste tegnologie rondom hommeltuie is aan die publiek bekend gestel. Die tak het sy eie hommeltuig aangeskaf wat aangewend word om buurt- en plaaswagte te help om misdadigers op te spoor.

**Brits:** Die liggaam van 'n onbekende man is in 'n park in die dorp gevind. Die buurtwag het gehelp om kabeldiewe vas te trek en aan die polisie te oorhandig. 'n Selfoondief is ook vasgetrek.

**Riversdal (Hessekwa):** Hulp is aan 'n 75-jarige vrou verleen wat aangeval, verkrag en beroof is. Die verdagte is ná 'n soektog saam met ander rolspelers aangekeer.

**Delmas:** 'n Verdagte wat by die plaaslike hof ontsnap en op die vlug probeer slaan het, is gevang en gearresteer nadat 'n hommeltuig ingespan is. Die buurtwagte het in samewerking met Sundra Rietkol Bulldogs kragte saamgesnoer om paaie af te sper en die gemeenskap tydens onluste te beskerm.

**Kaapstad-Noord:** 'n Vermeende inbreker is vroegoggend in sy spore gestuit en gearresteer. 'n Aanrandingslagoffer van huishoudelike geweld is te hulp gesnel en gered.

**Teks-buurtwag (Trichardt, Evander, Kinross en Secunda):** Regs-en-risiko-opleiding is in gemeenskappe gedoen. In Secunda is die polisie ontbied na waar 'n dwelmtransaksie opgemerk is.


**Standerton:** 'n Reddingspoging is uitgevoer om mense na veiligheid te bring nadat oorstromings die dorp getref het.

**Stella:** Gesteelde goedere, waaronder sonpanele en 'n pomp, is teruggevind.

**Hartbeesfontein:** Verdagtes is aangekeer nadat 'n inwoner beroof is deur vier jong mans wat hom met messe aangehou het.


FOTO: RURAL SAFETY
Vlakvarkkarkasse op verdagtes se bakkie gekry.


Brits-buurtwagpatrollie in aksie.


Die Vryburg-buurtwag help die SAPD om 'n voertuig te deursoek waarin koperdraad gevind is.


Die Belville-buurtwag het gesteelde goedere teruggevind.



# Forum Sekuriteit

## bevorder groter veiligheid in die land

Deur Alet Rademeyer

In die strewe na groter onafhanklikheid van die sentralistiese ANC-regering is Afrikaners genoop om vinniger én meer planne te maak ten einde hulself te beskerm en te beveilig.

Dit is algemeen bekend dat die regering gewone landsburgers in die steek laat en by monde van die nasionale polisiekommissaris is al erken dat hulle nie oor voldoende hulpbronne en mannekrag beskik om mense te beskerm nie.

Dit is om dié en ander redes dat Forum Sekuriteit, 'n inisiatief van AfriForum, begin is om onder meer deur middel van opleiding en dienste 'n groter bydrae tot 'n veiliger Suid-Afrika te maak.

Forum Sekuriteit het 'n batebeskermingseenheid wat daarop fokus om die grondwetlike regte van veral kwesbare gemeenskappe, soos byvoorbeeld skole, te beskerm. Die eenheid beskerm onder meer kliënte se bates, mense, leerders en personeel binne die raamwerk van die wet tydens onluste en optogte.

Die dienste wat die eenheid bied sluit samewerkingsooreenkomste met reeds gevestigde AfriForum-takke en -buurtwagte in, asook die verskaffing van sekuriteit en opleiding.


> **Die eenheid beskerm onder meer kliënte se bates, mense, leerders en personeel binne die raamwerk van die wet …**


Forum Sekuriteit se personeel is goed opgelei in verskeie aspekte van die beskerming van bates en personeel en hulle word met die nodige toerusting toegerus om situasies doeltreffend te hanteer.

Die maatskappy is in die proses om ooreenkomste met skole te sluit wat van hul dienste gebruik wil maak. Die ooreenkomste maak voorsiening dat sekuriteit binne die skoolgronde doeltreffend en gekoördineerd plaasvind sodat skole ten tyde van onluste so min moontlik ontwrig word. Wanneer Forum Sekuriteit se dienste bekom word, word 'n gesamentlike operasionele sentrum (GOS) op die skoolterrein opgerig om beheer, beveiliging en kommunikasie te vergemaklik. Situasies word byvoorbeeld gemonitor deur die ontplooiing van hommeltuie en die gebruikmaking van moderne tegnologie. Die dienste behels voorts koördinering in samewerking met die skoolhoof en beheerliggaam om te verseker dat die regte boodskap oorgedra word.

Die koste van privaat sekuriteit vir 'n skool kan buitensporig duur raak en daarom beywer Forum Sekuriteit hulle om bekostigbare pakkette vir skole aan te bied om dié las te verlig.







Forum Sekuriteit bied batebeskerming en bystand aan skole tydens onrus.

## HOMMELTUIGOPLEIDING

Hommeltuigtegnologie gaan die lewens van landsburgers in die afsienbare toekoms ingrypend raak en verander. Gegewe die gebrek aan infrastruktuur in die land en moeilik bereikbare gebiede gaan hommeltuie 'n groter rol speel om aan mense se behoeftes te voldoen.

Luidens 'n artikel wat onlangs in *Channelwise* gepubliseer is, kan die hommeltuigmark in Suid-Afrika teen 2025 tot $134,5 miljoen groei.


Die gebruik van hommeltuie neem toe in verskeie sektore soos landbou, mynbou en die veiligheidsindustrie. Verskeie van AfriForum se takke en buurtwagte het reeds hul eie hommeltuie aangeskaf. Dit word gereeld in samewerking met die polisie gebruik om byvoorbeeld na verdagtes op misdaadtonele te soek. Dit word ook al hoe meer in wetstoepassing gebruik tydens optogte en onluste waar skarebeheer toegepas moet word.

In die lig van hierdie verwikkelinge en groeiende aanvraag na hommeltuigvlieëniers bied Forum Sekuriteit sowel geakkrediteerde as niegeakkrediteerde opleiding aan.

> **Dit word gereeld in samewerking met die polisie gebruik om byvoorbeeld na verdagtes op misdaadtonele te soek.**

Die privaatafstandbeheerde-vlieënierskursus (PPC) sluit teoretiese en praktiese opleiding in. Dié kursus is daarop gemik om studente te ondersteun en voor te berei vir die afstandbeheerdevlieg-lisensiekursus (RPL). Die PPC kan basies beskou word as 'n leerlinglisensie vir die volgende stap, naamlik die RPL. Die PPC is ook 'n vereiste vir kandidate wat 'n professionele hommeltuigvlieëniersloopbaan wil begin.

**Stuur 'n e-pos na training@forumsekuriteit.co.za of skakel 012 881 0013 vir meer inligting oor die opleiding of om 'n bespreking te maak. Besoek ook www.forumsekuriteit.co.za vir meer inligting oor batebeskerming.**



Forum Sekuriteit bied hommelopleiding aan.

AfriForum 911
In samewerking met RESPONSE 24

# Die AfriForum 911-noodknoppietoep

**Voordele in 'n noodsituasie:**

- Jy kan een gratis alarm vir **gewapende reaksie** en een gratis alarm vir 'n **mediese noodgeval** per maand vir jouself (AfriForum-lid) of enige van jou vyf afhanklikes (direkte familie) stuur as 'n gedeelde diens vir al ses mense.
- Jy kan onbeperkte familie- en vriende-alarms stuur.

**Laai die toep af by:**

GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery

- Besoek **www.afriforum911.co.za** (LAAI AF). Volg alle stappe om die toep op te stel.

**Toepnavrae alleenlik:** 010 312 5790/ afriforum911@afriforum.co.za (weeksdae 08:00-17:00)
**Noodnommer:** 086 111 6154

**Bepalings en voorwaardes geld.**

**Wees ingelig, voorbereid en veilig.**
**Toets die alarms op 'n gereelde basis.**

# AfriForum se privaatvervolgingseenheid veg vir geregtigheid vir slagoffers

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se privaatvervolgingseenheid (PVE) is die geregtigheidsbeen van die organisasie se federalismeplan. Dié eenheid is by verskeie sake betrokke wat reeds in die hof aangehoor is of binnekort weer in die hof gaan voorkom. Die PVE tree ook in 'n paar sake op ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag om te verseker dat geregtigheid seëvier. Behalwe die individue en families van misdaadslagoffers wat die eenheid help, is daar ook gevalle waar privaat vervolgings onderneem word om ondersoek in te stel na mense met politieke verbintenisse wat van vervolging beskerm word.



**POLITICI**
Die PVE gaan vanjaar weer opnuut aandag skenk aan Fikile Mbalula, minister van Vervoer, se familiereis na Doebai in 2015 wat vermoedelik deur 'n verskaffer betaal is. Hy was destyds die minister van Sport. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het ná aanbevelings van die Openbare Beskermer (OB) besluit om hom nie hiervoor te vervolg nie. Die eenheid gaan ook ondersoek instel oor waarom die On Point Engineering-saak waarby die EFF-leier Julius Malema betrek word, nie deur die NVG vervolg word nie.



Willem Kruger

**WILLEM KRUGER**
Willem Kruger, wat op 13 November 2022 ná 'n ramparty spoorloos verdwyn het en wie se lyk nege dae later in sy voertuig in die Vaalrivier gevind is, se familie het die PVE gevra om seker te maak dat geregtigheid in hierdie geval geskied. Die eenheid het onderneem om die familie deur die proses te help en seker te maak dat die ondersoek die nodige aandag geniet.



Andile Memese

**CELESTE GOUWS**
Die verkragtingsaak teen Isaac Andile Memese sal op 19 April in die Streekhof in Somerset-Oos hervat. Memese het Celeste Gouws na bewering in 2017 in haar huis verkrag. Sy het klagtes teen hom ingedien, maar die direkteur van openbare vervolging (DOV) het geweier om Memese, wat glo politieke bande het, te vervolg. Die PVE het in 2020 by dié saak betrokke geraak. Die saak is 'n paar keer uitgestel en Memese se regspan het in 2022 'n aansoek om ontslag ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet ingedien. Dié aansoek was onsuksesvol. Landdros Eric Mbiyo het in sy uitspraak gesê die aansoek om ontslag is van die hand gewys omdat die beskuldigde ná al die bewyse wat aan die hof voorgelê is, skuldig bevind kan word aan die misdryf waarvoor hy aangekla word.

## JOHN SCHUURMAN

Die PVE het verskeie versoeke om hulp met klagtes teen John Schuurman, ook bekend as Johnny Rockett, ontvang. Die jongste klagte hou verband met 'n sogenaamde wraakpornografiesaak. Lindrie Gouws, Schuurman se voormalige vrou, het die eenheid genader ná Schuurman glo eksplisiete foto's van haar onder haar vriende versprei het om haar in die verleentheid te stel en emosionele skade te berokken. Hierdie tipe misdaad, wat 'n vorm van geslagsgebaseerde geweld is, word wraakpornografie genoem. Schuurman is in Desember 2022 in hegtenis geneem en het Kersfees en Nuwejaar in die tronk deurgebring, waarna hy in Januarie vanjaar op borgtog vrygelaat is.

Die PVE het ook verlede jaar Milena Hill, Schuurman se voormalige lewensmaat, gehelp om klagtes van aanranding teen hom te lê. Hy het reeds in die Hatfield Landdroshof in verband met hierdie klagtes verskyn.

Die eenheid het Tyron Treurnich ook gehelp om 'n saak van aanranding met die doel om ernstig te beseer, opsetlike saakbeskadiging en diefstal teen Schuurman te open.



**Thalitha de Jongh** van AfriForum se privaatvervolgingseenheid saam met **Lindrie Gouws** en **Danie van Heerden**.

## KAAPSTADSE SAKEMAN

Die PVE tree namens 'n vrou en kind van 'n prominente Kaapstadse sakeman op wat die vrou en kind na bewering aangerand het. 'n Video van die beweerde aanranding is op kringtelevisiebeeldmateriaal vasgevang waarin gesien kan word hoe die man die vrou aanrand en hoe hulle sesjarige kind tussenbeide probeer tree. Die man het in Januarie in die Bellville Landdroshof op verskeie aanklagte van aanranding verskyn en die saak is uitgestel. Die name van die partye word weerhou om die minderjarige kind se identiteit te beskerm.

## ALEXIS BIZOS

In nog 'n geval van geslagsgebaseerde geweld het Alexis Bizos, seun van die bekende menseregteadvokaat George Bizos, in Januarie in die Randburgse Landdroshof op klagtes van aanranding verskyn. Die PVE het reeds in 2018 aangekondig dat hulle sy voormalige vrou Monique van Oosterhout gaan help ná Bizos haar na bewering in 2015 aangerand het. Die NVG het by meer as een geleentheid aangedui dat hulle Bizos nie gaan vervolg nie, waarna die PVE 'n nolle prosequi-sertifikaat bekom het om Van Oosterhout in staat te stel om Bizos privaat te vervolg. Die saak hervat later vanjaar.



**Monique van Oosterhout**



**Alysia** en **Brandon Von Kloëg**. **Carien** en **Sophia Möller**.

## YOLANDE MARITZ

Carien en Jaco Möller en Alysia en Brandon von Kloëg het die PVE om hulp genader om klagtes teen die voormalige Pretoriase vroedvrou Yolande Maritz verder te voer. Die Möllers se dogter is serebraal gestrem gelaat en die Von Kloëgs se seuntjie is nege dae ná sy geboorte dood omdat Maritz glo medies nalatig was tydens die geboortes. Die eenheid het die NVG genader, wat aangedui het dat die sake na 'n gespesialiseerde eenheid vir ondersoeke oorgeplaas is.



## JAN DE KLERK VAN WYK

Jan de Klerk van Wyk is in 2016 skuldig bevind aan die moord op Izak van Zweel. Van Wyk, wat lewenslange tronkstraf opgelê is, het suksesvol weens 'n tegniese punt geappelleer en is toe vrygelaat. Nadat die PVE egter in Februarie vanjaar 'n skrywe aan die NVG gerig het, is Van Wyk binne drie dae weer in hegtenis geneem. Hy sal weer vir die moord op Van Zweel verhoor word.

# Volgehoue druk lei tot oorwinnings in howe

Deur Alet Rademeyer

*Hoewel daar ernstige kommer en bedenkinge oor die funksionering van die regstelsel in die land is, lei volgehoue druk deur die burgerlike samelewing en organisasies soos AfriForum en Solidariteit wel nog tot groot oorwinnings.*

**ERFBELASTING**

AfriForum en ander belangegroepe het in die Johannesburgse Hooggeregshof daarin geslaag om die Johannesburg-metroraad se hersiende erfbelastingbeleid vir skole suksesvol te betwis. Dít volg nadat die metro in die 2022/2023-boekjaar die spesiale eiendomsbelastingkategorie vir opvoedkundige instellings geskrap het. Dit sou beteken dat openbare skole se eiendomsbelasting met tot 529% en dié van onafhanklike skole met tot 686% sou styg, wat enorme finansiële implikasies vir skole en ouergemeenskappe inhou. Die hof het die metro se besluit as ongrondwetlik verklaar en gelas dat die erfbelasting na die vorige boekjaar se tariewe moet terugkeer. Van die instellings het intussen die verhoogde belasting betaal sedert die veranderinge verlede jaar aangekondig is. Dit is onseker of dit nou aan skole terugbetaal sal word. "Die partye is dit eens dat munisipaliteite nie eensydig besluite kan neem nie en gemeenskappe moet raadpleeg. Die uitspraak beteken nou dat skoolgeld binne perke gehou kan word en daar in die belang van skoolgemeenskappe besluit is," sê Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum.

> **Die uitspraak beteken nou dat skoolgeld binne perke gehou kan word.**





**Mmamoloko Kubayi-Ngubane**, destydse minister van Toerisme

**TOERISMEFONDS**

AfriForum en Solidariteit het die Departement van Toerisme se rassistiese toerismefonds 'n finale nekslag toegedien met 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof.

Dít volg nadat die departement teen 'n 2021-uitspraak van die Appèlhof geappelleer het wat in bogenoemde organisasies se guns beslis het dat dit ongrondwetlik is om rassistiese kriteria vir hulpverlening van die toerisme-ekwiteitsfonds te gebruik. Mmamoloko Kubayi-Ngubane, destydse minister van Toerisme, het die fonds tydens Covid-19 bekendgestel wat bepaal het net lenings en toelaes word toegestaan aan ondernemings met swart eienaarskap van meer as 51%. "Die regering kan dit as transformasie probeer verbloem, maar hy het lankal sy ware kleure gewys," sê Anton van der Bijl, adjunkbestuurshoof van regsake by Solidariteit.

**KLERKSDORP**
Die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit het sy rieme teen AfriForum styfgeloop en is deur die Hooggeregshof in Mafikeng beveel om die nodige herstelwerk aan die rioolaanleg in Klerksdorp in Noordwes te doen. AfriForum het al in April 2021 'n brief aan die munisipaliteit oor die haglike toestand van die aanleg gestuur en dit in September 2022 met 'n hofaansoek opgevolg.


**Advv. Paul Eilers** en **Frik Erasmus SC** saam met **Petrus Coetzee**, raadgewer oor plaaslikeregeringsake by AfriForum tydens die Klerksdorp-hofsaak.

Petrus Coetzee, raadgewer oor plaaslikeregeringsake by AfriForum, sê die organisasie het uit sy pad gegaan om die munisipaliteit te help om die probleem op te los. 'n Spesialisverslag is onder meer aan hulle verskaf. Die hof het bevind die munisipaliteit versuim sy grondwetlike plig wat die bestuur van die rioolaanleg betref en hulle moes binne 30 dae ná die bevel begin met die herstel van die aanleg. Die munisipaliteit moet ook binne 90 dae aan die hof terugvoer gee oor die vordering met die herstelwerk. "Inwoners en diere is jare reeds blootgestel aan die gesondheidsrisiko's wat met die munisipaliteit se gebrek aan dienslewering verband hou," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.


**Julius Malema.**

**JULIUS MALEMA**
Die Konstitusionele Hof het Julius Malema en die EFF se aansoek om verlof tot appèl teen 'n interdik wat AfriForum in 2017 bekom het van die hand gewys. Hierdie interdik het Malema en die EFF verbied om mense aan te hits om privaat eiendom te betree en dit onwettig te beset. Malema en die EFF het in Januarie 2023 by die Hooggeregshof in Pretoria om verlof tot appèl in dié saak aansoek gedoen. Die Hooggeregshof het hul aansoek van die hand gewys en die EFF was genoop om die Konstitusionele Hof met hierdie aangeleentheid te nader. Die hooggeregshof het ook gelas dat Malema en die EFF AfriForum se regskoste moet betaal. Dié uitspraak het die ongrondwetlikheid van aanhitsing tot betreding van privaat eiendom en die ernstige kriminele aard van enige aanhitsing om eienaars van privaat eiendom of die reg op privaat eiendom in gevaar te stel, beklemtoon. Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger, sê die uitspraak bevestig dat Malema en die EFF strafregtelik vervolg kan word vir aanhitsing tot grondbesetting. Wat die Hooggeregshof se kostebevel in AfriForum se guns behels, sê Spies as Malema en die EFF dit nie betaal nie, daar voortgegaan sal word om op hul bates beslag te lê.

**KINDERAANRANDING**
'n Egpaar van Pretoria is effektief 14 jaar tronk toe gestuur omdat hulle hul ses maande oue babadogtertjie aangerand en met gebreekte ribbes, sleutelbene en bene gelaat het. Hierdie skuldigbevinding en swaar vonnis sou nie moontlik gewees het sonder die ingryping van AfriForum se privaatvervolgingseenheid (PVE) nie. Die PVE het dokters bygestaan om 'n strafsaak te open nadat die eerste saak wat hulle aangemeld het om onverklaarbare redes gesluit is. Die ouers is skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstig te beseer en kinderverwaarlosing. Die babadogtertjie, wat na verwys word as Baba N, is vir die eerste keer in April 2020 in 'n hospitaal in Pretoria opgeneem met beserings wat met kindermishandeling ooreenstem – sy was vyf weke oud. Barry Bateman, woordvoerder van die PVE, het die dokters en maatskaplike werkers geloof wat geweier het dat die kind aanhou mishandel word. "Sonder die ingryping van die dokters en ander professionele persone sou hierdie baba moontlik aan die hand van haar ouers gesterf het. Kindermishandeling en verwaarlosing is van die vele gevare wat die kwesbaarstes in die samelewing in die gesig staar."


**Dr. Julian Smith**, pediater
**Dr. Helene Basson**, ortopediese chirurg






**Armand Viljoen** van AfriForum tydens die openbare verhoor in Rustenburg.

# AfriForum maak stem dik teen omstrede Bela-wet

Deur Alet Rademeyer

Verteenwoordigers van AfriForum het die afgelope weke die openbare verhore oor die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys (beter bekend as die Bela-wet) in verskeie provinsies bygewoon en sterk standpunt ingeneem teen dié wetsontwerp wat skole aan bande gaan lê en onderwys ingrypend kan verander.

Stephan Honiball, voorsitter van AfriForum se Tzaneen-tak, het 'n voorlegging by die verhoor op dié dorp gemaak en beklemtoon dat die ANC se poging om meer mag oor skole in die land te bekom, vernietigend vir gehalte-onderrig oor die algemeen en Afrikaanse onderwys in die besonder sal wees.

AfriForum is van mening dat die voorstelle in die wetsontwerp wat bepaal dat die provinsiale onderwyshoofde voortaan die finale sê oor onder meer die toelatings- en taalbeleid van skole moet hê, die mees aanvegbare aspek daarvan is. Dit kom neer op onaanvaarbare toenemende magsentralisasie in die hande van die staat.

Tans maak die Skolewet voorsiening vir 'n positiewe samewerkingsmodel tussen die staat en skoolgemeenskappe, soos verteenwoordig deur beheerliggame van skole. AfriForum se standpunt is dat beheerliggame as demokraties verkose verteenwoordigers van ouers, leerders en plaaslike skoolgemeenskappe die beste in staat is om die behoeftes van hul skole te bepaal en die mees gepaste insette kan gee om te verseker dat leerders toegang tot uitnemende onderwys in 'n vormende opvoedkundige en kulturele omgewing kan geniet. "Kwessies soos die taalbeleid en toelatingsvereistes moet die behoeftes van die gemeenskap dien, nie 'n sentrale regeringsverteenwoordiger wat dikwels onbeskaamd 'n politieke agenda dryf nie," sê Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum.

AfriForum is verder bekommerd oor gedeeltes van die wetsontwerp wat bots met die Grondwet, bestaande wetgewing en uitsprake van die Konstitusionele Hof. As dit in die huidige formaat aanvaar word, sal litigasie beslis daarteen volg, wat net meer van belastingbetalers se swaarverdiende geld sal mors.

Die staat se planne om die Bela-wet deur te voer, kom reeds geruime tyd. In 2022 het 'n oorweldigende meerderheid individue en instellings met skriftelike kommentaar standpunt teen die inhoud daarvan ingeneem. Daarna het instellings die geleentheid gehad om op uitnodiging voorleggings aan die parlementêre portefeuljekomitee te doen hieroor, en wéér het die meerderheid ernstige kommer oor die konsep uitgespreek.

AfriForum het sy lede en die publiek gereeld aangemoedig om aan al die prosesse deel te neem om te keer dat die omstrede wet deurgevoer word.

Die verhore is goed bygewoon en die reaksie op die voorgestelde wetsontwerp was oorwegend negatief.

Afgesien van die bedreiging vir Afrikaanse skole, is daar verdere gronde wat die wysigingswetsontwerp onwenslik maak, soos byvoorbeeld die vaagheid van sommige voorstelle en die toenemende en onuitvoerbare administratiewe rompslomp wat die implementering daarvan tot gevolg sal hê.

> **"Kwessies soos die taalbeleid en toelatingsvereistes moet die behoeftes van die gemeenskap dien, nie 'n sentrale regeringsverteenwoordiger wat dikwels onbeskaamd 'n politieke agenda dryf nie.**




# AfriForum maak planne terwyl ESKOM-DUISTERNIS dreig

Deur Alet Rademeyer

Terwyl die een krisis ná die ander by Eskom afspeel en die publiek aan die korste end trek weens beurtkrag én onbekostigbare kragtariewe, beplan en werk AfriForum aan kort-, medium- en langtermynplanne.

"Ons kan eenvoudig nie net sit en toekyk hoe die ANC se hantering van die elektrisiteitsramp die land en sy mense onderploeg nie," sê Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.

AfriForum het onlangs aangekondig dat hy dit oorweeg om sy eie kragmaatskappy, AfriForum Energie, op die been te bring. Dié maatskappy sal op verskeie projekte fokus wat daarop gemik is om die tekort aan krag op verskillende vlakke te takel.

Die heel eerste stap is om verbruikers advies te gee en hulle te help om heeltemal of gedeeltelik onafhanklik van Eskom te raak deur middel van sonkrag- en/of rugsteunstelsels in hul huise. In 'n AfriForum-gids oor eie sonkrag word verduidelik wat die basiese maniere is wat 'n huishouding sonkrag kan benut. (Dit is deur middel van fotovoltaïese panele wat sonstrale na 'n elektriese stroom omskakel of met termiese sonwaterverwarmers wat huise se water met die hitte van die son verhit eerder as 'n elektriese element.)

Die gids verduidelik hoeveel krag jy uit sonpanele kan kry onderhewig aan hoe lank die son skyn en hoeveel jy uiteindelik moontlik kan spaar. Dit verskaf ook eenvoudige riglyne oor watter panele, batterye en wisselrigters (inverters) tans die beste en op die mark beskikbaar is.

Daar is ook 'n lys van geakkrediteerde en gekwalifiseerde installeerders beskikbaar by **www.afriforum.co.za/mykrag/**.

Die tweede been van die projek behels dat sukkelende munisipaliteite kragvoorsiening en hul netwerke aan privaat instansies oorgee wat oor die nodige kundigheid en ander vermoëns beskik om elektrisiteitsvoorsiening behoorlik te bestuur.

Soos in die geval van Rural Maintenance wat 'n 25 jaar-kontrak met die Mafube Plaaslike Munisipaliteit het om die kragnetwerk te bestuur, in stand te hou én te verbeter. Dit sluit die dorpe Frankfort, Tweeling, Villiers en Cornelia in. Inwoners hier sukkel nie met krag nie. Rural vorder die geld van verbruikers in en betaal Eskom direk, asook 'n tantieme aan die munisipaliteit wat eintlik maar 'n betaling is sodat die munisipaliteit die maatskappy kan uitlos om sy werk te doen.

AfriForum werk hard in gemeenskappe om oplossings te vind en probeer ook om plaaslike munisipaliteite te oorreed en te beïnvloed om modelle soos hierdie te gebruik.

Die derde been van die projek, wat na kernkrag as oplossing kyk, word in sommige kringe as omstrede bestempel, maar is gegewe wêreldwye tegnologiese ontwikkeling en die reusevraag na volhoubare energie nie so vergesog nie.

"Ons sien ons rol in dié verband om kundigheid en kapitaal bymekaar uit te bring. Son- en windkrag en batterye is nie genoeg nie. Korrelbedkernkrag kan 'n belangrike rol speel, maar ons praat hier van die lang termyn," sê Kriel.

Kernenergietegnologie word reeds in Europa as groenkrag geag, maar voordat dit egter plaaslik 'n realiteit kan word, moet verskeie struikelblokke, waaronder wetgewing en regulatoriese maatreëls, eers oorkom word.





# AfriForum-verslag: Brutaliteit van plaasmoorde neem nie af nie




Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se jaarlikse plaasmoordverslag toon dat hoewel daar in 2022 'n afname in aangemelde aanvalle was, die brutaliteit daarvan glad nie afgeneem het nie.

"Daar is geen afname in die brutaliteit van plaasaanvalle en -moorde nie. Mense word nie net een keer geskiet nie, maar herhaaldelik. In ander gevalle is mense aangerand en op die toneel of later in die hospitaal dood. Slagoffers is ook tydens plaasaanvalle doodgewurg, verbrand of gesteek," sê Johan Nortjé, navorser by AfriForum.

AfriForum se navorsing toon ook dat sommige slagoffers gemartel is. Die burgerregteorganisasie kon 333 aanvalle in 2022 verifieer, wat 50 moorde ingesluit het. Hoewel dit 'n afname van 2021 se 415 aanvalle en 55 moorde is, meen Nortjé die laer syfer is toe te skryf aan slagoffers wat minder geneig is om plaasaanvalle by die polisie aan te meld.

Ernst Roets, bestuurshoof vir Strategie by AfriForum, het ook hierdie tendens tydens navorsing vir sy boek *Kill the Boer* waargeneem. "Daar is baie slagoffers wat nie plaasaanvalle by die polisie aanmeld nie omdat hulle meen niks gaan in elk geval daaraan gedoen word nie. Hulle verkies om eerder hul privaat sekuriteitsmaatskappye of buurtwagte, insluitend dié van AfriForum, te kontak as daar 'n voorval is."

Roets sê plaasmoorde word al hoe meer deur die internasionale gemeenskap raakgesien. Hy het verlede jaar in die VSA 'n toespraak gelewer oor die stand van sake in Suid-Afrika en ook oor plaasmoorde. Roets gaan vanjaar 'n soortgelyke




FOTO: CARINA BESTER

**Johan Nortjé**, **Ernst Roets** en **Jacques Broodryk** met die bekendstelling van die plaasmoordverslag.

> **"Daar is geen afname in die brutaliteit van plaasaanvalle en -moorde nie.**

toespraak in Hongarye lewer waar die aanvraag vir sy boek so groot is dat dit in Hongaars vertaal is.

Luidens die verslag kom die meeste plaasaanvalle in Gauteng voor. Daar was 81 aanvalle en agt moorde in dié provinsie in 2022. Die Noord-Kaap het die laagste syfer gehad met ses aanvalle waartydens vier mense vermoor is. Die meeste plaasmoorde vind tussen 18:00 en middernag plaas, maar daar is ook 'n hoë aantal gevalle tussen 09:00 en 11:59 aangemeld. Amper 50% van moorde het op Woensdae en Donderdae plaasgevind.

Meer as 50% van plaasmoordslagoffers is ouer as 60 jaar en meer as 60% is mans. Elizabeth Lee (89) was die oudste slagoffer en is deur 'n 15-jarige verdagte met 'n stoel doodgeslaan. Rhudie Binta (17) was die jongste slagoffer wat tydens 'n aanval saam met sy ma en vyf ander slagoffers doodgeskiet is.

Nie net is dit 'n tragedie hoeveel plaasmoorde in Suid-Afrika plaasvind nie, maar die situasie word selfs vererger deurdat net 33% van misdadigers verlede jaar in verband met dié moorde in hegtenis geneem is. Waar verdagtes wel aangekeer word, is bevind dat dit binne 48 uur gebeur ná die aanval plaasgevind het.

Nortjé en Roets is dit eens dat voorkomende stappe die beste manier is om plase te beveilig. "Wees op die uitkyk vir enige ongewone mense of gebeure op jou plaas. Wees paraat en maak seker jy het goeie veiligheidstelsels in plek. Navorsing toon dat sigbare patrollies een van die beste maniere is om boosdoeners af te skrik," sê Roets.

Nortjé sê betrokkenheid by 'n mens se plaaslike gemeenskap is ook belangrik om te verhoed dat jy 'n slagoffer word. "Raak betrokke by veiligheidstrukture en vra vir hulp. AfriForum het verskeie strukture, waaronder plaas- en buurtwagte, in plek om te help met opleiding, toerusting en dies meer. Daar is ook AfriForum se traumaeenheid wat slagoffers ná aanvalle kan ondersteun."

# Saai stig hulpfonds vir Zim-boere

As jy vra hoe dit nou in Zimbabwe gaan, is die boere se antwoord altyd dieselfde: "Dinge is moeilik, maar hierdie jaar gaan ons groot ommekeer kom!" Elke jaar. Dit is nou 23 jaar nadat Robert Mugabe se Zanu-PF begin het om wit boere brutaal van hulle plase af te jaag en amper drie jaar nadat die Global Compensation Deed met landbou-organisasies geteken is. Daarvolgens het Zanu-PF erken dat hy vergoeding aan die boere verskuldig is en hom tot 'n afbetalingsreëling verbind, maar nog niks het gerealiseer nie.

As verteenwoordiger van meer as 500 familieboere wat in Zimbabwe geboer het of steeds daar boer, het Saai begin om druk op die Zimbabwiese regering te verhoog. In Maart is 'n vergadering met ambassades in Pretoria gehou om groter bewussyn te skep oor die lot van onteiende Zimbabwiese boere en om hulle op hoogte te bring van die Zimbabwiese regering se nuutste aanbiedinge om die boere te vergoed. Dit is opgevolg met 'n mediakonferensie waar ook die aanloop tot en huidige stand van regsaksie teen die Zimbabwiese en Suid-Afrikaanse regerings deur Willie Spies van Hurter Spies Ing. uiteengesit is.

Saai maak tans 'n dokumentêre program oor die onteienings en die lang stryd om billike vergoeding aan families wat sedert 2000 van hulle plase afgesit is. Die Zimbabwiese regering het die Global Compensation Deed in Julie 2020 vir die boere aangebied, maar hulle nooit by die ooreenkoms gehou nie. 'n Nuwe aanbod behels betaling in staatseffekte wat eers oor 14 jaar verdiskonteerbaar is en die meeste van Saai se Zimbabwiese lede is nie daarvoor te vinde nie.

Daar word wel sporadies klein bedrae deur die Zimbabwiese regering aan die mees kwesbare ou boere betaal om hulle met agterstallige doktersfooie en medisynerekeninge te help. Ongelukkig word hierdie hulp misbruik as 'n pistool teen die kop van die breër boeregemeenskap met die dreigement dat dit tot 'n einde sal kom as titelaktehouers nie die nuwe aanbod wil aanvaar nie.

Saai stig nou 'n hulpfonds met die doel om die kwesbaarste boere uit 'n alternatiewe bron te help om te oorleef. Saai skep ook 'n beleggingsinstrument vir Zimbabwiese titelaktes wat gebaseer is op die hoop op billike vergoeding. Boere kan hulle titelaktes aan die beleggingsinstrument verkoop of dit vir eie voordeel daarin deponeer sodat die titelaktes en gepaardgaande eise 'n langer lewe as die boere self sal hê.




**Ben Freeth**, **Willie Spies**, **dr. Theo de Jager** en **Wynand Hart**.


AVBOB IS 'N ONDERLINGE GENOOTSKAP MET 'N MISSIE OM WERKLIKE WAARDE MET SY LEDE TE DEEL ...

GRATIS begrafnisvoordele* ter waarde van tot R21 500, op voorwaarde dat AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem:

'n Basiese begrafnis ter waarde van R13 000, insluitende die reël en uitvoer van die begrafnis, 'n gespesifiseerde kis en lykwa

'n Onmiddellike kontantbetaling van R3 000 vir aanvanklike uitgawes

R3 000 afslag op 'n grafsteen** of verassing

Vervoer van die oorledene binne Suid-Afrika

... *bo en behalwe* die waarde van hul polisse.

www.AVBOB.co.za

*Bepalings en voorwaardes geld. **Die afslag op die grafsteen is geldig vir 18 maande vanaf die datum van die begrafnis en op voorwaarde dat **AVBOB** Begrafnisdiens die grafsteen verskaf. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** Onderlinge Versekeringsgenootskap is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. FDV 20656. **AVBOB** is 'n vlak-2-SEB-bydraer. www.**AVBOB**.co.za

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2022 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP

AVB-AFR-220124



**Helena Cornick**

**Pelser** en **Jana Lategan**

# Nederlandse joernalis wil plaasmoordkrisis internasionaal belig

Deur Marthinus Koekemoer

Wierd Duk, 'n Nederlandse joernalis van *De Telegraaf*, het onlangs saam met AfriForum verskeie slagoffers van plaasaanvalle besoek om hom te vergewis van Afrikaners se krisis in die land en om internasionaal blootstelling daaraan te gee.

Duk, wat op uitnodiging van die Solidariteit Beweging in die land is, het eerstehands van slagoffers in die Brits-omgewing gehoor wat met hulle tydens aanvalle gebeur het.

Uit die gesprek was dit duidelik dat was dit nie vir die vinnige optrede van AfriForum se buurtwaglede en lede van die publiek nie, het Jana Lategan waarskynlik aan ernstige beserings gesterf tydens 'n aanval op die plaas waar sy en haar man Pelser boer.

Pelser was buite op die plaas besig toe drie mans Jana op 24 November 2022 in hul huis oorval het. Hulle het haar met die agterkant van 'n byl geslaan en haar regterbeen gebreek. Hierna is sy gedwing om op haar gebreekte been deur die huis te loop om die twee kluise oop te maak. Sy het egter nie 'n sleutel vir die een gehad nie en is herhaaldelik teen die kop geslaan omdat die aanvallers haar nie wou glo nie.

"Hulle het 'n klomp goed by ons gesteel, maar my uiteindelik vasgebind en in die slaapkamer gelos. Hulle is met my selfoon weg, maar gelukkig was ek redelik naby aan die tweerigtingradio wat ons by AfriForum se buurtwag gekry het en waarmee ek hulp kon ontbied," vertel Jana.

'n Buurman was binne minute op die plaas en het noodhulp op Jana toegepas wat haar lewe gered het. Verskeie buurtwaglede, ander bure van die Lategans en Pelser was



**Wierd Duk**, **Jacques Broodryk**, **Zita Duk** en **Raymond Hohls**.

ook vinnig op die toneel voordat die polisie nog daar opgedaag het.

Jana het uiteindelik agt dae in 'n hospitaal se hoësorgeenheid deurgebring en moes ses operasies ondergaan om die ernstige skade aan haar been te herstel. Sy was maande lank op krukke en het eers teen die einde van Februarie haar eerste tree sonder die krukke gegee. "Vir maande ná die aanval was ek te bang om uit te gaan en die verste wat ek uit die huis gekom het, was die stoep."

Die Lategans het intussen meer diefwering aangebring, kameras geïnstalleer, asook palissades op hul stoep aangebring.

"AfriForum se traumaeenheid

> **Hulle het 'n klomp goed by ons gesteel, maar my uiteindelik vasgebind en in die slaapkamer gelos.**

was ongelooflik behulpsaam. Oom Hennie was ongelooflik en 'n mens kan altyd op sy knoppie druk as 'n mens voel jy het hulp nodig. Ek het hom nooit gebel nie, maar hy het 'n manier om te bel nes ek voel dinge word te veel. Sonder hom sou dit baie moeilik gewees het," vertel Jana.

Die Lategans moedig mense aan om by hul gemeenskappe betrokke te raak om sodoende 'n sterk netwerk op te bou wat help om misdaad te bekamp en hulp te bied as 'n aanval soos dié sou plaasvind.

In nog 'n geval is 'n bywoner doodgeskiet toe vier mans Ronnie en Helena Cornick op 16 Januarie 2022 op hul plaas aangeval het.

Helena het soos oudergewoonte die Saterdagaand om 19:00 die honde uit die huis gelaat toe vier mans haar gepak het. Een het 'n geweer teen haar kop gedruk en toe sy skree het 'n bywoner op die eiendom die bejaarde egpaar te hulp gesnel, maar is summier deur die aanvallers doodgeskiet.

"Ronnie is ook in die arm geskiet. Een van die aanvallers het op sy arm bly trap terwyl een van die ander mans juwele en 'n rekenaar uit die kamers gesteel het," sê Helena.

Die Cornicks weet nie wie AfriForum se traumaeenheid gekontak het nie, maar is dankbaar vir die hulp wat dié eenheid op die dag van die aanval en daarna aan hulle gelewer het. Die eenheid het onder meer 'n ambulans na die toneel ontbied en gehelp om skoon te maak waar die bywoner doodgeskiet is. Daar is ook sekuriteitstrale buite die huis aangebring om as vroeë waarskuwing te dien indien iemand naby die huis sou kom. Traumaberading is ook aan die Cornicks en hul familie gegee.

## Wat doen AfriForum se traumaeenheid?

- **Lewer ondersteuning aan plaasaanvalslagoffers en hul gesinne op die toneel van die aanval.**
- **Ontbied nooddienste en dies meer na die toneel van die aanval.**
- **Maak die toneel van die aanval skoon.**
- **Bied traumaberading aan slagoffers en hul families.**
- **Help slagoffers om met die SAPD te skakel.**
- **Maak voorstelle om veiligheid op te skerp en help met die installasie van sekuriteitstoestelle, insluitend kameras en sekuriteitstrale.**
- **Ondersteun slagoffers tydens hofverrigtinge.**

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER EN CARINA BESTER



**Wierd Duk**, Nederlandse joernalis, praat met **Gloria Mullan**, **Helena Cornick** en **Magda Coetzee** van AfriForum.

# Brutaliteit van plaasaanvalle moet vertel word

Duk het ná sy besoeke aan die twee plase opgemerk hoe brutaal die aanvalle was en hoe sadisties die aanvallers teenoor hul slagoffers opgetree het. Hy sê daar word weinig oor plaasaanvalle in Nederland berig gedoen en wanneer dit wel gebeur word dit genuanseer om polities korrek te bly. Hy meen die blote feit soos dat daar in 2022 meer as 300 plaasaanvalle in Suid-Afrika was en 50 mense tydens hierdie aanvalle vermoor is, moet vertel word.

Dié gesoute joernalis, wat al oor heelparty oorloë berig het, sê die geweld wat die Lategans en Cornicks beskryf is vergelykbaar met dit wat hy tydens hierdie oorloë waargeneem het. Verder sê hy 'n staat wat nie meer sy burgers kan veilig hou nie is vergelykbaar met 'n land waar oorlog woed. Hy meen voorts dit is grootliks onregverdig dat jong Afrikaners vir apartheid deurloop hoewel hulle niks met hierdie beleid te doen gehad het nie.



Wierd Duk



FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER EN CARINA BESTER

# Die jeug moet verantwoordelikheid vir hulself en hul toekoms neem

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se jaarlikse jeugkongres is in Januarie in Pretoria aangebied en die boodskap van al die sprekers was duidelik dat die jeug verantwoordelikheid vir hul eie omstandighede en toekoms moet neem.

Daar kan nie meer op die regering staatgemaak word om 'n toekoms vir Afrikaners te skep nie en dus sal elkeen self moet optree om 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms aan die suidpunt van Afrika te verseker.

"Die nuwe geslag jong Afrikaners is 'n sleutelskakel tussen die geslagte wat hulle voorafgegaan het en die geslagte wat kom. Dit gee sin aan die lewe om te weet dat elkeen van ons nie net 'n ongebonde individu is wat toevallig hier is nie, maar dat elke geslag die geleentheid het om hulle roeping op te neem om te werk aan iets groter as hulleself, naamlik 'n beter toekoms vir ons, ons gesinne, ons gemeenskappe en die geslagte wat kom," sê Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.



**René van der Vyver**, woordvoerder van AfriForum Jeug.

Meer as 60 jongmense van reg oor die land het vanjaar se jeugkongres bygewoon. Sprekers het verskeie onderwerpe bespreek, waaronder federalisme, entrepreneurskap en hoe om aksies aan te pak, terwyl insiggewende vraag-en-antwoord-sessies ook daarna gevolg het.

> **Ons het jong leiers nodig wat gaan opstaan vir wat reg is.**

"Dit is vir my ongelooflik hoe soveel jongmense met verskillende persoonlikhede kan saamkom en leer om saam te werk, projekte aan te pak en dinge op 'n beter manier te doen. Een van die belangrikste goed wat ek hier geleer het, is om mense se sterk- en swakpunte te identifiseer en dit reg aan te wend om sodoende 'n projek op die beste moontlike manier aan te pak," sê Marlize Grobbelaar, junior koördineerder by Saai.

Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum, het in sy praatjie oor die organisasie se federale plan uitgewys hoe belangrik onderlinge samewerking met ander kultuurgemeenskappe is.

"Mense is geneig om aan 'ons' en 'hulle' te dink wanneer ons interaksie met ander kultuurgroepe het, maar dit is eerder 'n geval van 'ons' wat ander kultuurgemeenskappe ook insluit en 'hulle' is die regerende party en staat. Die uitdaging is dus om ons mense te laat besef dat gemeenskappe mekaar se vennote is en dat die ware teenstander iemand anders is.

"Ons bly nie op 'n eiland nie en Afrikaners is gevestig tussen ander kultuurgemeenskappe. Goeie verhoudinge en samewerking is 'n voorvereiste vir voorspoedige voortbestaan."

Volgens Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Jeug en AfriForum Sport, is dit tyd dat die jeug weer eienaarskap van hul eie toekoms neem. Hy meen ook 'n positiewe ingesteldheid is belangrik.

"Ons moet die geleenthede om ons identifiseer en ons beperkte energie eerder daarop spandeer. Jy is wat jy dink en praat. Elkeen moet self kies of dit positief of negatief is. Ons het jong leiers nodig wat gaan opstaan vir wat reg is, wat ander mense positief beïnvloed en wat nie net sal praat nie, maar tot aksie oorgaan."

# AfriForum Jeug

## staan studenteleier by ná vals beskuldigings

Deur Alet Rademeyer

AfriForum Jeug het vir reg en geregtigheid opgestaan toe 'n kampusstudenteraadslid van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus (Puk) uit haar amp geskop is nadat sy beweerde rasse-uitsluiting by dié universiteit aan die lig gebring het.

Beàtha Groenewald, sekretaris van die Puk se kampusstudenteraad (KSR), is as 't ware vir die wolwe gegooi toe sy nie saamgestem het dat studente van dorpskoshuise by die Puk se verwelkomingsfunksie op grond van hul rassesamestelling uitgesluit word nie. Kort nadat sy opgestaan het teen die rasse-uitsluiting is haar termyn as kampus-studenteraadslid onder verdagte omstandighede beëindig. Daar is onder meer aangevoer dat sy nie haar KSR-pligte nagekom het nie en dat sy vertroulike inligting aan eksterne partye versprei het.



Beàtha Groenewald

AfriForum Jeug het die NWU in 'n prokureursbrief gekonfronteer en 'n verduideliking, heraanstelling en amptelike verskoning aan Groenewald geëis. Die universiteit het aangevoer dat die betrokke studente van dorpskoshuise nie die verwelkomingsfunksie kon bywoon nie weens 'n tekort aan ruimtelike kapasiteit in die amfiteater. Hulle moes dit virtueel in ander lokale bywoon.

Groenewald is uiteindelik wel in haar amp herstel, maar moes kort daarna verneem dat die KSR 'n nuwe mosie van wantroue teen haar beplan. Die emosionele druk wat dié situasie meegebring het, het haar laat besluit om eerder te bedank.

> **Dit is baie jammer dat ons so ver moes gaan om met ons regspan te konsulteer voordat die Puk bereid was om te erken dat hulle 'n fout gemaak het.**

René van der Vyver, woordvoerder vir AfriForum Jeug, sê die universiteit het oorhaastig opgetree en die indruk is gewek dat hulle rassediskriminasie eerder wou toesmeer. "Dit is baie jammer dat ons so ver moes gaan om met ons regspan te konsulteer voordat die Puk bereid was om te erken dat hulle 'n fout gemaak het."

Van der Vyver het gesê hulle steun Groenewald se besluit om te bedank en aanvaar dat die voortgesette afknouery teen haar dit vir haar onmoontlik gemaak het om in haar amp aan te bly.

Wat die openbare verskoning aan Groenewald betref, het Louis Jacobs, hoof van Korporatiewe Kommunikasie by die NWU, gesê daar is geen regsplig op die universiteit om dit te doen nie. Hy het gesê die KSR is 'n substruktuur van die NWU wat ingevolge hul eie grondwet, wat deur die raad goedgekeur is, optree.

## AfriForum Jeug: Stop rasseklassifikasie by universiteite

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum Jeug het aansoeke ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Paia) by al 26 openbare universiteite in die land ingedien om dié instellings te dwing om hul inligting oor rasseklassifikasie bekend te maak.

'n Groep beswaarde studente het een van die Paia-aansoeke by die administrasiegebou van die Universiteit van Pretoria (UP) ingehandig omdat hulle meen hulle is Afrikaners, maar ook in die wyer konteks Afrikane wat in Suid-Afrika gebore is en hier hoort.

"Die regering voer aan dat Afrikaners nie in Suid-Afrika hoort nie en daarom nie na hulself as 'Afrikane' mag verwys nie. Hierdie benaming word egter gebruik om ons geboorteland aan te dui en in dié sin is Afrikaners ten volle ook Afrikane," sê René van der Vyver, woordvoerder van AfriForum Jeug.

AfriForum Jeug is ook teen rasseklassifikasie by universiteite gekant omdat dit gebruik word vir keuringsdoeleindes vir sowel studierigtings as koshuisverblyf. "Studente moet op meriete en nie op grond van hul ras nie gekeur en toegelaat word," meen Van der Vyver.

Volgens Maree van den Berg, ondervoorsitter van AfriForum Jeug se UP-tak, lei rasseklassifikasie uiteindelik tot rassediskriminasie.

> **Studente moet op meriete en nie op grond van hul ras nie gekeur en toegelaat word.**



Tuks ontvang die aansoek.



**Wilma Espach** (Onderwysdepartement), **Matteus**, **Leandie Bräsler** (AfriForum),**Marisa Lindeque** (Onderwysdepartement)

# Federalistiese ingesteldheid help om afknouery in skole hok te slaan

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum fokus vanjaar op federalisme, wat op verskeie maniere in die gemeenskap toegepas en uitgeleef kan word. Selfs in skole word leerders danksy AfriForum se teenboelieprojek met die nodige kennis en vaardighede toegerus om self besluite te neem om afknouery en boeliegedrag stop te sit.

AfriForum se teenboeliespan het vanjaar reeds verskeie skole in Gauteng, Mpumalanga en die Wes-Kaap besoek waar praatjies aangebied is om bewusmaking rondom boeliegedrag te skep. Leerders word bemagtig om boeliegedrag te identifiseer en daarteen op te tree.

"Dit is vir AfriForum belangrik om saam met leerders, onderwysers en ouers te werk om 'n verskil te maak en afknouery in skole hok te slaan. Veilige skole sorg vir 'n veilige gemeenskap, nie net vir nou nie, maar ook vir die toekoms," sê Leandie Bräsler, AfriForum se bestuurder vir Jeugleierskap.

Elke leerder wat die praatjie bywoon word met die nodige kennis en vaardighede toegerus om as 'n leier in situasies op te tree waar afknouery plaasvind. Hulle word dus boeliebestand gemaak. 'n Duidelike onderskeid word getref tussen konflik en afknouery. Kuberafknouery, wat al meer algemeen voorkom, word ook bespreek en riglyne word gegee hoe dit vermy kan word en hoe jy kan voorkom dat jy 'n slagoffer daarvan word.

> **Wanneer ons kinders beter oor boeliegedrag ingelig is en dit aanmeld, kan ons dit vinniger takel en die probleem oplos.**

AfriForum se teenboeliespan het reeds byna 200 skole, 120 000 leerders, 5 000 onderwysers en 2 000 ouers reg oor die land oor afknouery en die impak daarvan toegespreek. "Deur dié praatjies skep ons hoop en bring ons bewusmaking van afknouery na sowel skole as gemeenskappe. Ons verskaf dus die nodige kundigheid om afknouery stop te sit en help leerders om beheer oor hul eie lewens en situasies te neem," sê Bräsler.

Louise van Niekerk, hoof van die Laerskool Eloff in Delmas, sê die praatjie was van baie waarde. "Boelies is ongelukkig in alle skole, maar sommige boelies beweeg onder die radar. Daarom is dit belangrik dat al ons leerders met kennis bemagtig word sodat hulle weet hoe om hulself teen boelies te beskerm. Hulle moet weet wat 'n boelie is en hoe hulle kan help as 'n leerder of maat ander boelie. Wanneer ons kinders beter oor boeliegedrag ingelig is en dit aanmeld, kan ons dit vinniger takel en die probleem oplos."

'n Fliek op die veld-geleentheid is ook in Oudtshoorn aangebied waar AfriForum se kortfilm *Die val* vertoon is. AfriForumTV het hierdie kortfilm verlede jaar vervaardig om meer bewusmaking oor boeliegedrag, asook selfdood te skep. Besoek **www.afriforumtv.co.za** om dit te kyk.





Laerskool Delmas-leerders

# Wynmaker-egpaar vereer met ere-Tinteltong Toekenning

Deur Alet Rademeyer

Bartho en Suné Eksteen, wynmakers uit die Hemel-en-Aarde-vallei in die Kaapse Overbergstreek, is onlangs in Pretoria met AfriForum Sakenetwerk se Tinteltong Toekenning vereer.

Dié spoggeleentheid is saam met Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie gevier. Sowat 50 ondernemings en 200 gaste het dit bygewoon.

Die toekennings is vanjaar vir die agtste keer aangebied en is daarop gemik om ondernemings te beloon en te bedank vir hul bydrae om Afrikaans as saketaal te bevorder.

Die formaat was vanjaar ietwat anders en waar daar gewoonlik tien ondernemings in verskeie kategorieë bekroon word, is 'n eretoekenning aan die Eksteens gegee.

Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, sê dit is verblydend om te sien hoe ondernemings die geleentheid gebruik om met mekaar te netwerk en ook 'n daadwerklike verskil in hul gemeenskappe maak.

Bartho het gesê hy het nooit daaraan gedink om vereer te word nie. "Afrikaans is 'n hartsaak vir my. Ek praat die taal soos

> **"Afrikaans is 'n hartsaak vir my. Ek praat die taal soos ek hom geleer het. Ek is 'n ou vir emosies, tradisies en sentimente.**

ek hom geleer het. Ek is 'n ou vir emosies, tradisies en sentimente. Ek kan nie aan 'n beter plek dink waar ek die toekenning kon ontvang het as in Pretoria nie."

Hy is gereeld in Pretoria en meen tot 70% van die wyn wat hulle maak word deur Pretorianers gedrink. Hy het ook nostalgies geraak oor 'n onlangse besoek aan die Voortrekkermonument waar hy laas sowat 40 jaar gelede was toe hy sy diensplig hier voltooi het. "Dit was 'n ongelooflike ervaring en 'n skande dat 'n mens nie meer gereeld daar kom nie."

Volgens Bartho is wynmaak vir hulle 'n leefwyse en nie 'n beroep of werk nie. Baie van hul wyne word na plekke soos Hongkong, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Swaziland, Switserland en Zimbabwe uitgevoer.

Die egpaar het in 1993 na Walker Bay getrek toe daar nog net twee wynkelders in die omgewing was. Bartho is trots daarop dat hy betrokke kon wees by die vestiging van baie suksesvolle kelders in die gebied. In 2015 het hulle hul eie wynplaas in die vallei gekoop waar hy die kuns uitleef om buitengewone wyne te maak.

Hy is iemand wat van humor hou en dit spreek uit die interessante Afrikaanse name vir hul wyne soos Vloekskoot, Professore, Houtskool, Dom, Skoolmeester, Groepsdruk, Blom en Soetmuis. En as 'n ou met outydse waardes moes hy ook 'n rooiwyn met die naam Ouskool uitbring. Van die wyne het ook al verskeie toekennings gekry.

AfriForum Sakenetwerk nooi die publiek uit om hulle gunsteling-Afrikaanse ondernemings se besonderhede na **netwerk@afriforum.co.za** te stuur om in 2024 in aanmerking vir 'n Tinteltong Toekenning te kom.

Ondernemings kan hulle ook op AfriForum Sakenetwerk se databasis registreer by **www.afriforumsakenetwerk.co.za**.





Bartho en Suné Eksteen









# AfriForumTV nóg 'n simbool van groter *onafhanklikheid*



Deur Alet Rademeyer

Het jy al gehoor van films soos *Die val* en *Die parkie storie* of die reeks *De Kleine Griet*? Of het jy al gehoop jy kan weer ou gunstelingtelevisieprogramme soos *Orkney snork nie* en *Trompie en die Boksombende* te siene kry?

Dan moes jy al lankal op AfriForumTV by **www.afriforumtv.co.za** ingeteken het!

AfriForumTV is 'n digitale platform wat aanlyn en gratis is en visuele inhoud bied aan sowel AfriForum-lede as nielede. Intekenaars kan verskeie kanale in die gemak van hulle eie huis op hul televisie, rekenaar of selfoon verken deur van die AfriForumTV-toep gebruik te maak.

AfriForumTV is 'n kommunikasie-strategie om die publiek bewus te maak van AfriForum se nuus en gebeure, maar ook om vermaak te bied met films en fiksie- en realiteitsreekse. Hierdie inhoud word verskaf deur AfriForumTV self, instellings binne die Solidariteit Beweging en eksterne inhoudverskaffers.

Die gewilde *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel*, wat verlede jaar vir stampvol gehore in AfriForum Teater gesorg het, kan ook hier gekyk word.

Daar is ook insiggewende

> **AfriForumTV is 'n kommunikasie-strategie om die publiek bewus te maak van AfriForum se nuus en gebeure, maar ook om vermaak te bied met films en fiksie- en realiteitsreekse.**

dokumentêre soos *Selfbestuur* wat die kollig op federalisme laat val en staatsbestande oplossings vir die toekoms bied. *Die wonder van 'n nuwe taal in Afrika* is 'n dokumentêr wat in twee dele aan kykers die verhaal van Afrikaans van toe tot nou vertel.

Die kleinspan en tieners word ook nie afgeskeep nie en kan in die afdeling AfriKinders hulle verkneukel in programme soos *Mimiekie*, *Kamma kamma*, *Bella die beertjie*, *Jabie*, *Liewe Heksie* en nog baie meer.

*Gesondheid uit die grond uit* is 'n reeks wat deur twee tieners aangebied word en stap vir stap verduidelik hoe om gesonde kos voor te berei.

*Kroonland* se skuur is 'n reeks vir kinders en vertel Bybelverhale vanuit diere se oogpunt.

Daar is ook opvoedkundige programme soos *Kaalvoethelde* wat die verhale vertel oor Afrikanerhelde uit die geskiedenis.

AfriKinders bied leersame programme en ouers hoef nie bekommerd te wees dat hul kroos aan onvanpaste inhoud blootgestel sal word nie.

AfriForumTV is ook dié kanaal waar aktuele kwessies aandag kry. Hier kan kykers uitsien na Pretoria FM se





AfriForumTV is aanlyn beskikbaar by **www.afriforumtv.co.za** en kan afgelaai word as 'n toep by Google Play en Apple App Store. Beskikbaar op alle Google Play-gesertifiseerde slim tv's en Android TV-toestelle.






daaglikse nuushoogtepunte, *Begrond* ('n film wat die tragedie van plaasmoorde belig), *Die val* ('n film oor die impak van afknouery) en programme soos *Die boer en die reg* en *Gelykheid voor die reg: Apartheidsmisdade van die ANC*.

Daar is ook reekse wat vir ontvlugting en ontspanning sorg soos *Grondpad*, *My soektog*, *Byt & Buskruit* en *Toerbroers*.




*Grondpad* is 'n splinternuwe 4x4-avontuurprogram saam met Appel, Wolfie, Len en Lee, en nog 'n paar vriende.

*My soektog* handel oor 'n groep mans wat braaf genoeg is om met 'n perdekar deur dorpies te toer, terwyl hulle staaltjies vertel en lekker saamkuier en kamp.

*Byt & Buskruit* is 'n opwindende jag-en-hengelprogram waarin aanbieder Adam Tas saam met Suid-Afrika se beste kunstenaars die natuur verken by verskeie plekke.

Liefhebbers van die Afrikaner se geskiedenis sal ook byval vind by insetsels soos *Die Leeu van Wes-Transvaal*. Hierdie is die verhaal van genl. Koos de la Rey, 'n vredemaker wat 'n oorlogsheld geword het.

*Die Anglo-Boereoorlog 1899 – 1902* laat die kollig val op die oorlog wat die bestaan van die onafhanklike Boererepublieke in Suid-Afrika beëindig het, maar wat ook die einde van die Britse Ryk ingelei het.



Daar is ook splinternuwe inhoud wat eersdaags beskikbaar is soos *Blits-Bulletin*, 'n ensemble-komediereeks oor die lewe agter die skerms van 'n Afrikaanse nuusprogram. *Dierbaar* is 'n diereprogram waarmee Suid-Afrika se diereliefhebbers getrakteer word. *Nomades* is 'n eiesoortige, unieke nuwe stap-en-reisprogram wat saam met 'n unieke groep stapentoesiaste en aspirantavonturiers aangebied word.

As jy nog nie 'n intekenaar is nie, loop jy geweldig baie goeie programme in Afrikaans mis!





# Twee geseënde jare vir die uitbou van Afrikaanse kunste

Deur Alet Rademeyer

Op 3 Maart het AfriForum Teater sy tweede bestaansjaar gevier. En wat 'n opwindende en uitdagende reis was dit nie op pad na groter selfstandigheid en vryheid vir Afrikaanse kunste nie!

Met die opening van die teater in 2021 is dit weens Covid-19-regulasies toegelaat om slegs 50 van sy 370 sitplekke vol te maak, maar uiteindelik kon dit tot 50% kapasiteit gevul word. Die teater was skaars op dreef toe 'n skielike styging in Covid-19-gevalle sy deure weer toe gedwing het in Junie en Julie 2021. Ondanks dié terugslag kon die teater in Augustus 2021 weer sy deure oopmaak en oop bly.

In 2021 het die teater 153 vertonings en 20 konferensies en geleenthede aangebied. Die hoogtepunt dié jaar was die Aitsa Musiektoekennings, terwyl verskeie bekende kunstenaars soos Amanda Strydom, Kevin Leo, Janie Bay, Roan Ash, Klopjag, Radio Raps en Jannie du Toit honderde teatergangers gelok het.

In 2022, slegs 'n jaar ná die teater geopen het, was daar talle uitverkoopte vertonings én wegholsuksesproduksies soos *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel*. Dié blyspel het gesorg dat meer as 20 000 kaartjies in ses weke verkoop is. AfriForum Teater was ook die grootste venue vir die Momentum Aardklop Kunstefees 2022 waartydens 17 produksies in ses dae op die verhoog te sien was.

> **AfriForum Teater was ook die grootste venue vir die Momentum Aardklop Kunstefees 2022 waartydens 17 produksies in ses dae op die verhoog te sien was.**

Kunstenaars uit die toneelbedryf wat ook die afgelope twee jaar hul buiging op die teater se verhoog gemaak het, sluit in Sandra Prinsloo, Cintaine Schutte, Frank Opperman, Lizz Meiring, Jana Cilliers, Chris van Niekerk, Margit Meyer-Rödenbeck en Marion Holm.

Die teater is dankbaar om reeds vroeg in 2023 'n volbespreekte kalender te hê. Teen einde Maart was daar reeds vier uitverkoopte vertonings. Teatergangers kan van 26 April tot 21 Mei uitsien na *Die Kaplyn*-musiekblyspel. Dit handel oor die Grensoorlog en beloof om 'n uitstaande produksie te wees.

"Dit is lekker om te sien hoe AfriForum Teater se gewildheid oor die laaste twee jaar gegroei het en hoe mense vanuit alle oorde na die teater stroom om die kunste te ervaar. Hierdie teater is sowaar dié tuiskomplek vir Afrikaanse kunste in Pretoria," sê Carien Bloem, bestuurder van AfriForum Teater.

Vanaf 2021 tot einde Maart is meer as 100 000 kaartjies vir vertonings en produksies verkoop.

Besoek **www.afriforumteater.co.za** vir meer inligting oor die teater en vertonings.






afriforum teater
Veels geluk!
2


OORLOG WAS 'N FAMILIESAAK
DIE KAPLYN
'N MUSIEKBLYSPEL
26 APRIL TOT
21 MEI 2023
BY AFRIFORUM TEATER
KAARTJIES IS BESKIKBAAR BY
WWW.DIEKAPLYN.COM




FOTO: CARINA BESTER

# *Die Kaplyn* wil hulde bring aan soldate en hul gesinne

Deur Carina Bester

'n Splinternuwe musiekblyspel oor die gebeure tydens die Grensoorlog in die 1980's word van 26 April tot 21 Mei 2023 by AfriForum Teater opgevoer.

*Die Kaplyn* is 'n AfriForum-produksie in samewerking met Inhoud Huis Musiek en vertel die verhaal van die Joubert-gesin. Genl. Ben Joubert is in die weermag, terwyl hy en sy vrou Salome se twee seuns Ben Jr. en Ruan gewerf is vir die Suid-Afrikaanse Weermag se 1 Valskermbataljon. Salome en hul dogter Antoinette bly agter terwyl die mans gaan veg om seker te maak die troepe op die grens se moraal bly hoog met skenkings van die Suiderkruisfonds.

Dié musiekblyspel is 'n storie vol lewenslesse en bied 'n empatiese blik op gesinne se opofferings tydens dié oorlog. Dit handel ook oor 'n pa-en-seun-verhouding en met temas soos liefde, genade, geloof, vergifnis en verhoudings beloof die blyspel om teatergangers van die begin af te boei.

"Dit is 'n familiesaak en ook 'n belangrike stuk in die geskiedenis. Al is dit 'n fiktiewe verhaal, het ons seker gemaak dit is geskoei op die werklikhede van die Grensoorlog," sê Johan Vorster, skrywer van en akteur in *Die Kaplyn*.

Vorster het die teks saam met Jannes Erasmus, skrywer en regisseur van *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel*, geskryf. Erasmus het ook deurentyd

> **Dié musiekblyspel is 'n storie vol lewenslesse en bied 'n empatiese blik op gesinne se opofferings tydens dié oorlog.**

by genl. Lawrence Reginald Smith, voorsitter van die Raad van Militêre Veterane Organisasies van Suid-Afrika (RMVO SA) en die Pro Patria Museum, en Jandré du Plessis, bestuurder van dié museum wat in 2022 geopen het, aangeklop om seker te maak die verhaal weerspieël die werklike gebeure van die oorlog.

"AfriForum het weer besluit om 'n historiese gebeurtenis as 'n musiekblyspel op die planke te bring sodat hierdie belangrike deel van die Afrikanergeskiedenis deur middel van die kunste aan die jeug oorgedra kan word. Só kan oud en jonk herinner word aan die opofferings en heldedade van ons voorgeslagte in moeilike tye en op verskeie terreine," sê Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.

Vorster hoop dat wanneer veterane *Die Kaplyn* gaan kyk, dalk ook sommer in hul veteranedrag, dit 'n gesprek sal begin en dat kinders hul pa's en oupas sal vra om hulle van hierdie oorlog en geskiedenis te vertel. "Ons wil hulde bring aan die soldate, maar ook aan die gesinne."

"Daar is wonderlike opvoedkundige waarde in musiekblyspele waartydens gehore verhale deur stories en musiek herleef. Ons is opgewonde oor *Die Kaplyn*-verhaal wat by AfriForum Teater vertel gaan word," sê Carien Bloem, teaterbestuurder.

Kaartjies vir *Die Kaplyn* is beskikbaar op AfriForum Teater se webtuiste by **www.afriforumteater.co.za** of besoek **www.diekaplyn.com** om jou kaartjies te bespreek.



***DIE KAPLYN*-SPAN**

**Musiek en lirieke:** Johan Vorster en Jacomien de Wet
**Orkestrasie:** Francois Lessing
**Teks:** Jannes Erasmus en Johan Vorster
**Regie:** Jannes Erasmus
**Musiekregie:** Francois Lessing en Johan Vorster
**Hoofrolle:** Johan Vorster, Jacomien de Wet, Ilán van Staden, Jackie Lulu en Abel Knobel
**Ander akteurs:** Abigail de Villiers, Carl Trautman, Dihan Keun, Carmen Basson, Rita Li, Anika de Beer, Zoricke Snyman, Revan Luüs, Deidré Barnard, Zijn-Rudolph van Zyl, JJ Roberts en Duandré Vorster

DIE KAPLYN 'N MUSIEKBLYSPEL

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND-JAARTEMA

**2023**

# HIER'S MY HAND

**Helpende Hand wil voorspoed verseker deur maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling.**

*Ons getuig hardop:*




**Besoek**

**www.ondersteunons.co.za**

**en word vandag nog deel van die**

**HELPENDE HAND-FAMILIE.**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Afrikanerdiaspora deel van federale toekomsplan

Deur Sue-Ann de Wet

Baie Afrikaners het die land verlaat en bevind hulle reg oor die wêreld. AfriForum en die Solidariteit Beweging verwyt hulle nie omdat hulle hierdie keuse gemaak het nie. Hulle is ’n bate omdat baie van hulle se ouers en familie steeds hier woon en steeds ’n positiewe rol speel om omstandighede in die land te verbeter.

Dit is belangrik om met ons mense in die buiteland kontak te behou en daarom word hard gewerk aan ’n internasionale virtuele kanton waardeur die diaspora by die federale toekomsplan betrek kan word én ook op hoogte gehou kan word van verwikkelinge in die land.

AfriForum Wêreldwyd se nuusbrief, webtuiste en sosialemediaplatforms hou reeds kontak met duisende van ons mense oorsee. *Wêreldgids* is onlangs afgestof en dié plek waar Suid-Afrikaanse ondernemings van reg oor die wêreld bymekaarkom om ’n gemeenskap te vorm. Op dié manier kan hulle deel wees van wonderlike netwerkgeleenthede.

Ondernemings vanuit alle uithoeke van die aarde kan opgespoor word op die *Wêreldgids*. Hier kan jy dokters, prokureurs, finansiële adviseurs, haarkappers en vele meer opspoor wat hul dienste in Afrikaans lewer. Die *Wêreldgids* is egter nie net vir Afrikaanse ondernemings nie, maar ook vir Engelse ondernemings en diensverskaffers wie se dienste ook in Afrikaans beskikbaar is. Selfs al gaan jy net op reis in die buiteland, is die *Wêreldgids* handig – inligting oor ambassades, gastehuise, restaurante en apteke is tot jou beskikking.

> **Die *Wêreldgids* spog met 40 kategorieë van ondernemings en diensverskaffers reg oor die wêreld.**

Die vraag na ’n meer gebruikersvriendelike en interaktiewe gids het gegroei en Suid-Afrikaanse klein- of grootsakeondernemings in die buiteland kan self hul ondernemings gratis op die *Wêreldgids* lys.

Die *Wêreldgids* spog met 40 kategorieë van ondernemings en diensverskaffers reg oor die wêreld.

Nou kan jy as eienaar van ’n onderneming jou eie profiel hê waar jy kan inteken en veranderinge maak soos jou onderneming verander en groei. Dit is so maklik soos 1,2,3 ... Al wat jy moet doen is om ’n profiel te skep, jou onderneming op te laai en sodoende meer blootstelling te kry. Dit is hier waar jou mense en jou taal bymekaarkom en tuiskom.

Op die *Wêreldgids* word jy nie net deel van ’n sakenetwerk nie, maar dit is ook ’n waardevolle manier om ’n ondersteuningsbasis op te bou vir daardie dae wanneer die verlange te veel raak en almal net te ver weg is. Besoek **www.wereldgids.co.za** om seker te maak jou onderneming word op Wêreldwyd se *Wêreldgids* gelys.

**AfriForum Wêreldwyd wil graag weet waar ons mense koop, met wie hulle skakel en hoe hulle netwerk in die buiteland lyk. Laat weet ons by wereldwyd@afriforum.co.za.**







Afrikaners by die Lekkerbek Basaar van die Brisbane Afrikaanse Kerk in Australië.

Shammah
CONFERENCE VENUE



# SLEGS GROEPBESPREKINGS

GEEN DAG BESOEKERS NIE









### WILDLEWE

**2000** hektaar - Geniet die natuurlewe, **asemrowende** landskappe en aktiwiteite

### JAG

Ons het meer as **1000** wildsbokke op die plaas

### AKKOMMODASIE

**Luukse** akkommodasie in die hartjie van die natuur

### KERKGROEPE

Kom **bymekaar** vir lof & aanbidding

**GIDEON:** +27 83 647 4788 | **NICK:** +27 83 212 4590
**EPOS:** bookings@shammahgamelodge.co.za
**WEBWERF:** www.shammahgamelodge.co.za

## *FORUM TYDSKRIF* WOORDBLOK NO. 1 VAN 2023 (Saamgestel deur Louis Krouwkamp)

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T | R | I | P | P | E | L | T | O | O | N | T | J | I | E | S | O | K | P |
| K | I | U | E | A | D | N | E | G | A | E | K | E | I | T | I | L | O | P |
| E | T | N | N | E | I | S | A | M | R | O | F | S | N | A | R | T | N | R |
| O | N | I | T | T | E | I | K | E | N | N | I | S | A | A | I | F | S | E |
| B | E | S | R | E | B | E | G | I | N | S | E | L | S | K | L | S | T | S |
| R | D | A | E | W | L | U | I | A | M | I | S | S | I | E | E | D | I | T |
| O | U | P | P | D | E | T | U | S | I | E | A | E | S | R | L | I | T | E |
| L | T | D | E | N | I | L | O | R | A | M | T | I | I | E | E | E | U | R |
| S | S | O | N | O | W | U | S | N | T | G | E | S | R | S | N | H | S | E |
| P | A | A | E | R | N | S | N | A | G | R | I | D | K | P | O | R | I | N |
| E | P | T | U | G | P | L | A | A | S | R | A | T | A | E | I | E | O | D |
| L | A | F | R | I | V | R | I | E | N | D | E | L | I | K | S | D | N | E |
| E | L | A | S | I | V | I | P | U | K | K | E | O | N | L | A | N | E | S |
| R | E | T | A | R | T | S | V | L | A | A | T | F | B | W | R | I | L | K |
| S | N | A | A | K | I | R | F | A | F | R | I | F | O | R | U | M | E | O |
| D | N | O | H | G | A | W | E | T | G | E | R | R | E | G | R | U | B | L |
| B | E | K | Y | T | K | A | R | P | I | M | P | L | I | K | A | S | I | E |

**Soek die volgende organisatoriese en terminologiese woorde en begrippe oor AfriForum en sy verwante organisasies in die woordblok. Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees, asook in enige rigting. Leestekens word nie gebruik nie. Die woorde tussen hakies is deel van die woorde of begrippe.**

AFRIFORUM; **AFRIKAANS;** AFRIVRIENDELIK; **AGRI (SA);** AKADEMIA; **(BASIESE) BEGINSELS;** (GOED GE)BEK; **(PROTEA) BOEK(HUIS);** BOER; **BURGERREGTEWAGHOND;** BUURT(WAG); **ENTREPRENEURS;** ERNS; **FEDSAS;** (DIS LEKKER OP) GANS(BAAI); **GRONDWET(LIKE REGTE);** IMPLIKASIE(S); **KENNIS;** KONSTITUSIONELE (HOF); **KOS (EN RESEPTE);** KRISIS (IN DIE POLISIE); **LAAI (DIE TRACKBOX-TOEP AF);** LAPA (UITGEWERS); **LITIGASIE;** MASSA(PATROLLIES); **MINDERHEIDS(REGTE);** MISSIE; **NWU;** PLAAS(MOORDE); **POLITIEKE AGENDA;** POT(JIEKOS); **(GOEIE GESONDE FLORERENDE BESIGHEIDS)PRAKTYKE;** PRESTERENDE SKOLE; **PUKKE;** RASIONELE; **RAT(TE VAN DIE GEREG DRAAI STADIG);** REIS; **RESPEK;** ROLSPELERS; **SAAI;** SAPD; **SELF(BESTUUR);** (AG NEE) SIES (... MAN); **STEM(REG);** (SKOON) STRATE; **STUDENT;** TAAK(GEDREWE); **TAAL(BELEID);** TAO; **TEIKEN;** TINTELTONG; **TLU (SA);** TRANSFORMASIE; **TRIPPELTOONTJIES;** UNISA; **VIVA;** (DIE) WIEL (DRAAI)


medihelp
'n Mediese fonds in Aksie
Kry betroubare mediese dekking by Medihelp.
Ons toegewyde diens en jare se ervaring verseker dat jy in beheer van jou gesondheid bly.
Gesels vandag nog met ons.
SMS 'Kontak' na 32291
vir 'n Medihelp-plan wat by jou en jou gesin se behoeftes pas.
'n SMS kos R1. Gratis minute en SMS-bondels is nie van toepassing nie. Bepalings en voorwaardes geld. Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)

**Kry die regte antwoorde op jou vrae!**
**Wees verseker van dit wat jy moet weet.**
**Kry jou kwotasie vandag nog.**

## SOLIDARITEIT FINANSIËLE DIENSTE
## JOU ANTWOORD VIR 'N VERSEKERDE TOEKOMS

Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za



**SFD bied die volgende dienste:**

- Persoonlike finansiële advies
- Korttermynversekering
- Mediese dekking
- Boedelbeplanning en testamente
- Studielenings vir Sol-Tech, Akademia en Bo-Karoo Opleiding studente
- Regsversekering

SFD
Solidariteit Finansiële Dienste

Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) – 'n gemagtigde finansiëledienstemaatskappy en deel van die Solidariteit Beweging.
Finansiële beplanning is nie net vir die toekoms nie. Wees voorbereid op dít wat kan kom.

SFD wil jou finansiële pad saam met jou stap, of dit op die lang of kort termyn is.
Kry uitnemende diens in Afrikaans – **jou finansies in jou taal!**

(FDV No: 15556)